

Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.




# Die O.B.





VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 13 DESEMBER 1944. No. 4.

# BOODSKAPPE van ons LEIERS

## Wees Sterk En Vrees Nie!

DIE K.G.!

Kersfees 1944. Na ses jaar van felle stryd kan die Ossewabrandwag, die Ismael van twee of drie jaar gelede, voel dat hy mondig geword het. Wat voorheen uitgekryt en uitgelewer was, word vandag erken deur vriend en vyand vir wat hy werklik is, n.l. die gemobiliseerde volksbeweging van die Afrikanerdom. Hy het geword 'n toenemende krag op verskeie gebiede. En waar hy die drang na vryheid in ons volk gevoel het, gee hy ook met sy sosiale strewe die Afrikaner-werker nuwe moontlikhede vir die toekoms.



Dr. J. F. J. van Rensburg.

Nie net moes hy feitlik alleen die stryd teen die Empire se handlangers aanbind nie, maar feitlik alleen moes hy die pad deur die konsentrasiekamp bewandel. Dit was nog steeds die Pad van Suid-Afrika.

En nie net moes hy daardie pad alleen bewandel nie. Alleen, van almal verlate en misken, moes hy sorg vir die vrouens en kindertjies van die Empire se slagoffers.

**Juis daarom gaan hy wen.** Want op daardie offers verrys die Afrikaner-toekoms. En in die dae en jare van nood het daardie vrouens en kindertjies van ons volk net een helpende hand geken — dié van die Ossewabrandwag.


Met al die dankbaarheid en familievreugde wat ons mag ondervind, laat Kersfees, 1944, staan onder die teken van noodhulp en naasteliefde.

Dit is die gees van Hom wie se geboortedag ons dan herdenk. WEES STERK EN VREES NIE!

## Die Toekoms Behoort Aan Die O.B.!

DIE A.K.G.!

Hierdie jaar is vir die O.B. as volksbeweging in sekere opsigte baie betekenisvol. Dit is so omdat die taak en koers deur sekere gebeurtenisse des te duideliker vir die volk, veral diegene wat buitekant die O.B. as organisasie staan, aangedui is.



Genl. J. A. Smith.

Die eerste is dat die sosiale aspek van die ekonomiese lewe waarop die O.B. sedert sy ontstaan soveel klem gelê het, sterker op die voorgrond begin tree. Dit wat mense as denkbeeldig in die koersaangewing van die O.B. mag beskou het, word werklikheid. Rondom die O.B., ook in kringe vyandiggesind, roep hulle om bestaansveiligheid. Hulle sien hul lewensbestaan bedreig. Waarborge vir beskerming word gesoek.

Te midde van oorvloed, word gebrek gely. Duisende is daar wat nie eens meer die nodige voedselsoorte kan bekom nie.

Beheer as 'n middel tot beskerming het onder 'n kapitalistiese regeringstelsel 'n euvel geword. Die volk word bloedloos uitgesuig. So gaan dit op volle vaart 'n ramp tegemoet.

Daarom dat die Grootraad van die O.B. van sy kant as 'n bydrae en middel tot oplossing 'n sosiale ekonomiese beplanningsraad in die lewe geroep het wat buite party-verband staan, 'n raad wat die volk en nie dié of daardie party-leier gaan dien nie. Op hierdie grondslag roep hy alle Afrikaners tot 'n eenheids-optrede op.

Die tweede gebeurtenis is die kwaaie volharding wat in die partyskap geopenbaar is. Behalwe stappe om mekaar die lewe te ontneem is op elke party-kongres (S.A.P. sowel as H.N.P.) besluite van groter verbittering geneem as wat ooit gedurende die bestaan van die partystelsel in S.A. voorgestel is.

Stappe tot enige moontlike wraakneming op mede-Afrikaners en hul vernietiging is voorgestel. Luid is om wraak geroep op elke kongres van die S.A. Party teen nasionaal-georiënteerde organisasies — die Broederbond, die R.D.B., die H.N.P. en die O.B. allermees. Voorstelle om diegene wat daaraan behoort te vervolg, uit die staatsdiens te skop en agter ystertralies te plaas, is onder toejuiging aanvaar.

Net so woes en wreedaardig klink die wraakgeroep van die leier(s) van die H.N.P. teen die O.B. Tot persekusie waarskynlik word die oproep gerig tot die kerke en besighede. Skop uit wat nie aan die H.N.P. behoort nie! Laat die kinders van gebrek omkom solank die vader maar sy betrekking verloor, is die samevatting van hierdie wraakgeroep van beide politieke partye.

Partyskap het sy hoogtepunt in 1944 bereik. Blind van woede gaan die partye waarin die volk verdeel is, die ou jaar uit en die nuwe jaar in! Daarmee het die partye bewys dat hulle nie die volk kan verenig nie, net skeur.

Daarom dat die O.B. se leiding die praktise stap gedoen het om die volk beslis op te roep om buite partyskapsverband op die gebied van die parlementêre front 'n volksfront te vorm.

Luider dan ooit tevore roep die O.B. die volk tot eenheid op, werklike volkseenheid, nie party-eenheid nie.

So sluit ons ook hierdie keer die ou jaar af met 'n boodskap van eenheid ,verdraagsaamheid en liefde en 'n bede in die gees van „Vrede op aarde, in die mense 'n welbehae".

Die toekoms hou in hom die verwesenliking van die O.B.-ideaal.

Ons sluit ook af deur in besonder te dink aan ons volksgenote in die politieke martelkampe en tronke met seënwense aan hulle en hul familiebetrekkinge.

Met die hartewens vir 'n gelukkige Kersfees en 'n geseënde jaar vir almal.



# DIE KOPERSBOND BEPERK

## Dividend van 6 Persent Verklaar

By geleentheid van die vergadedering van aandeelhouers in die Kopersband, Beperk, gehou op 21 November 1944, het dr. F. J. Kritzinger (voorsitter) in sy rede gesê:

Here,—Dit is my 'n genoeë om vandag die vierde jaarverslag van die Kopersbond aan u voor te lê vir u oorweging.

Dat ons maatskappy 'n lewenskragtige beweging is, wat die vertroue van beleggers en van die algemene publiek geniet, is nou afdoende bewys. Meer en meer het die breër lae van die Afrikaanse beleggerspubliek belangstelling in ons onderneming getoon en vandag, ná vier jaar, is ons 'n maatskappy met byna driekwart milioen pond aan kapitaal. Oor die algemeen beskou, is beleggers besonder oordeelkundige mense en dit is ondenkbaar dat 'n maatskappy wat nie gesond is nie soveel kapitaal kan trek temidde van al die kompetisie van ons tyd.

Die vernaamste rede vir hierdie fenomenale groei en uitbreiding van u Maatskappy moet gesoek word in die feit dat die Afrikaanse geldbelegger besef het dat die veiligheid van sy belegging berus in die verspreidenheid van die Kopersbond se belange en dat hy nietemin by die veiligheid van belegging ook reuse moontlikhede bied aan kapitaal appresiasie wat die gevolg sal wees van nuwe ontwikkelings onder andere op die gebied van agentskappe, waarvan ons hier sover, behalwe dié wat ons alreeds besit, b.v. wil noem — die hantering van Buren horlosies, diamantringe en juweliersware. Al die ander waarmee ons in onderhandeling is, kan om begryplike redes nie hier genoem word nie.

Dit doen my leed aan om te meld dat daar sekere Afrigaanse handelsbelange en persone is wat die oorweldigende invloed van die Kopersbond te veel vind vir hul eie selfsugtige aspirasies en wat nog steeds probeer om hierdie pragtige Afrikaanse saak van ons te ondermyn. Dit spyt my daarvan, nie omdat hul vyandigheid noemenswaardige uitwerking op ons vooruitgang het nie, maar slegs omdat daar nog sulke kortsigtige Afrikaners kan gevind word wat nie kan besef dat die vooruitgang van een Afrikaanse onderneming 'n gunstige uitwerking het op die vordering van andere nie. Wat myself betref, kan ek met vrymoedigheid sê dat die vooruitgang van elke gesonde Afrikanersaak vir my verblydend is. Dit behoort elke Afrikaanssprekende met trots te vervul dat ons hier 'n Afrikaanse handels onderneming het wat in so 'n kort tydjie 'n kapitaal van by die driekwart miljoen pond opgebou het. 'n Paar jaar gelede sou so-iets na 'n sprokie geklink het.

Hierdie vierde jaarverslag is dan van besondere betekenis weens die byna ongelooflike ondersteuning wat die maatskappy van die kant van beleggers in die afgelope jaar ontvang het. Sedert ons vorige jaarvergadering, het ons aansoeke ontvang vir die bedrag van ongeveer £180,000 en dit ten spyte van die invloede waarna ek so pas verwys het. Dit skyn werklik of ons teenstanders ons 'n diens bewys en dat alle dinge, wat Die Kopersbond betref, meewerk ten goede.

Maar hierdie verslag is verder van besondere betekenis en dit wel omdat ons ten spyte van die gebrek aan voorrade nog 'n wins van £27,488 kan afwerp. U weet hoe moeilik dit is vir 'n jong maatskappy om invoerpermitte te kry. Ons kon veel groter sake gedoen het as meer invoerpermitte aan ons toegestaan kon word. Die Kopersbond voorsien tans honderde kleinhandelswinkels oor die lengte en breedte van Suid-Afrika. U Direksie mag daarin slaag om groter invoerpermitte te bekom op grond van die vooroorlogse invoer van ons eie takwinkels. Dit is ons oorwoë mening dat 'n maatskappy met so 'n reuse omvang spesiale oorweging verdien en u Direksie sal geen moeite ontsien om groter kwotas te verkry nie.

Nogtans is die bestaande posisie ten opsigte van ons winste baie bevredigend. Die geld van ons beleggers is inderdaad veilig en die diwidend sal onder omstandighede ook as hoogs bevredigend beskou word. Weliswaar stel u Direksie voor om nie die volle winste aan diwidende uit te betaal nie, maar deur hierdie versigtige beleid word die posisie van u aandeel versterk. Aandeelhouers is soms geneig om winste wat nie as diwidend uitbetaal word nie te beskou as vir hulle verlore. Sodanige geld bly egter in die maatskappy en aandeelhouers moet noodwendig die voordeel daarvan kry, hoewel op indirekte wyse.

U direksie volg ook nog steeds die versigtige beleid van konsolidasie, dog terselfdertyd word 'n wakende oog gehou ten opsigte van verdere handelsmoontlikhede.

Die meer belangrike balansstaatposte is in die verslag van die Direkteure aan die Aandeelhouers bespreek en dit sal dus nie vir my nodig wees om verder daarop in te gaan nie.

In die afgelope jaar is die verskillende bedrywe waarby Kopersbond belang het, verder uitgebrei en gekonsolideer. Ook is spesiale aandag geskenk aan die stabilisasie van die finansiële verhoudings waaroor later in my verslag meer besonderhede verstrek sal word.

Daar is nog bestellings in oorsese lande uitstaande wat in die loop van die volgende jaar ingewag word.

'n Verdere uitbreiding in ons groothandelafdelings het plaasgevind deur die vestiging van 'n vertakking in Windhoek vir die bediening van ons kliënte in Suidwes-Afrika. Daar die voorrade egter nog nie so oorvloedig beskikbaar is nie, word hierdie tak nog nie as 'n selfstandige eenheid ingerig nie, maar word deur ons Johannesburgse en Kaapstadse Groothandelsafdeling voorsien.

Ons vier kleinhandelwinkels in die Vrystaat wat te Vrede, Frankfort, Senekal en Henneman geleë is, het almal stygende omsette aangetoon met bevredigende bedryfsresultate. Hierdie vier takke is almal in bloeiende en vooruitstrewende distrikte geleë en verdere uitbreiding kan in die toekoms verwag word.

Wat ons Transvaalse takke betref, is die bedryfsresultate selfs nog beter. Soos bekend, het Kopersbond takwinkels op Standerton, Morgenzon, Ermelo, Breyten, Nelspruit, Amersfoort en Piet Retief en al hierdie winkels doen sonder uitsondering 'n bloeiende besigheid. Ons het by verskillende van hierdie takke kafferwinkels geopen, terwyl omtrent almal vandag 'n meubelafdeling by hulle ander bedrywighede bygevoeg het. Die aankoop van die winkel op Piet Retief in Mei 1943 kan as 'n aanwins vir ons besigheid beskou word, daar hierdie winkel vanuit die staanspoor mooi winste gelewer het. Dit is daarby ook 'n genoeë om te kan meedeel dat die mansuitrusterbesigheid in Pretoria, wat ook nou 'n damesafdeling het en onder die naam D. Roux Beperk gedryf word, vandag ook op 'n winsbasis werk.

In die afgelope jaar is ook daartoe oorgegaan om die winkel op Nelspruit af te skei in 'n aparte besigheid onder die naam van Nelspruit Winkels Beperk. Die Direksie oorweeg tans die wenslikheid om die plaaslike publiek in die verskillende distrikte waar ons winkels gevestig is, geleentheid te gee om ook aandele by die plaaslike tak uit te neem.

Wat die stigting van verdere takwinkels betref, ontvang ons voortdurend aansoeke om op verskillende plekke oop te maak. Die Direksie voel egter dat die kapitaal vir so 'n verdere takwinkel uit die betrokke distrik self behoort te kom en wanneer aan hierdie voorwaarde voldoen kan word, sal Kopersbond geneë wees om sodanige aansoeke te oorweeg. Dit is egter vanselfsprekend dat ook noukeurig ingegaan sal word op die moontlike omsette van so 'n winkel en die te verwagte winste.

Ons aandeelhouers weet dat Kopersbond ongeveer agtien maande gelede die beherende belang in die maatskappy Finbro Furnishers (1936) Ltd., aangekoop het. Die winste van hierdie maatskappy vir die boekjaar geëindig 30 Junie 1944 het meer as £31,000 bedra. U Direksie het dan ook in die afgelope boekjaar alle aandele oorgeneem in die firma D. F. Joubert & Kie. (Edms.) Beperk. Hierdie maatskappy, met takke op Springs en Pretoria, staan bekend as stinkhout spesialiteite en besit dan ook hulle eie fabriek waar stinkhout meubels volgens eie ontwerp vervaardig word Die aandelekapitaal van die maatskappy bedra £10,000 en u Direksie het daarin geslaag om die aandele teen pari oor te neem. Dit is die plan om hierdie aandele in die lopende boekjaar oor te maak aan Finbro Furnishers (1936) Limited, waardeur hierdie maatskappy dan twee besigheidsplekke op Johannesburg, asook winkels op Klerksdorp, Kimberley, Pretoria en Springs sal hê.

U Direksie koester groot toekomsplanne in hierdie rigting en daar sal gebruik gemaak word van alle kanse wat die na-oorlogse periode sal bied. Die meubelverkope van ons verskillende organisasies beloop vandag reeds etlike honderdduisende ponde, sodat Kopersbond met sy aandeel in die meubelbedryf die grootste meubelbesigheid in Suid-Afrika besit. In die afgelope jaar het Finbro Furnishers ook alle aandele in die maatskappy Federale Meubels Beperk oorgeneem, waardeur ons in die besit gekom het van 'n baie waardevolle eiendom in die sentrum van die industriële gebied in Johannesburg. Daar is op die oomblik onderhandelings aan die gang in verband met die verkryging van patentregte vir die vervaardiging van 'n sekere meubelstuk wat groot moontlikhede vir die toekoms bied.

Die belange wat Kopersbond ongeveer twee jaar gelede by Spoorbondkas Beperk verkry het, blyk ook 'n verstandige stap te wees. Die winste van hierdie filiaalmaatskappy, wat deur sekere omstandighede laaste jaar slegs 'n uiters geringe bedrag beloop het, het vir die boekjaar geeindig 30 Junie 1944 gestyg tot £5,600. Intussen is die volle aandelekapitaal van hierdie maatskappy deur die publiek opgeneem, sodat daar geen verdere aandele op die oomblik beskikbaar is nie. Die depositos van Spoorbondkas beloop meer as £650,000, wat duidelik bewys dat die beleggende publiek groot vertroue in hierdie gesonde instelling het. Die gebou wat Spoorbondkas besit, beteken 'n aansienlike bate, waar die beëdigde waardasie van hierdie eiendom £35,000 is bokant die bedrag wat in die boeke vermeld staan. Soos bekend, is die kantore van Kopersbond in hierdie gebou gevestig en die gebou op sigself verteenwoordig 'n uiters winsgewende belegging vir Spoorbondkas, daar die jaarlikse rente-inkomste meer as £16,500 bedra. Dit is die plan van die Direksie om Spoorbondkas nog aansienlik uit te brei.

Die belange wat Kopersbond in die maatskappy Mercedes Kantoormasjiene (S.A.) Beperk hou het ook 'n baie winsgewende belegging geblyk. Alhoewel verwag kon word dat weens oorlogsomstandighede hierdie maatskappy vir die oomblik verliese sou wys, is daar nogtans oor die afgelope drie jaar steeds 'n bevredigende wins afgewerp. Dit is duidelik dat, sodra die oorlog verby is en normale ekonomiese omstandighede terugkeer, hierdie maatskappy 'n besonder rooskleurige toekoms tegemoet gaan. Die alleenagentskappe vir die Mercedes tik- en boekhoumasjiene, Astra optelmasjiene, Walther rekenmasjiene en verskillende ander baie gewilde kantoormasjiene is in hierdie maatskappy gevestig. Op die oomblik hou Kopersbond ongeveer 94 persent van die aandele in hierdie maatskappy, maar onderhandelings word gevoer ten einde ook die ander uitstaande aandele oor te neem.

Uit die voorgaande sal dit vir ons aandeelhouers duidelik wees hoe Kopersbond sy wortels in die kommersiële distribusie-bedryf ingeslaan het en dit is vanselfsprekend dat oorsese agentskappe 'n verdere aanwins vir al ons besighede sal wees. Dit is dan ook die rede waarom die Direksie kontakte gevestig het in verskillende oorsese lande wat waardevolle vrugte afgewerp het.

Ons twyfel nie daaraan dat die stappe wat u Direksie reeds geneem het, asook die verskillende planne wat binnekort uitgevoer sal word, Kopersbond in staat sal stel om sy regmatige aandeel in die na-oorlogse handel te verkry. Op die oomblik reeds is ons met verskillende maatskappye en firmas in onderhandeling, wat begerig is om by Kopersbond ingelyf te word en ons hoop om in die volgende jaarverslag van die geslaagde onderhandelings te kan melding maak. Ek mag miskien in hierdie verband noem dat daagliks talle proposisies aan Kopersbond voorgelê word en dat ons tegniese staf voortdurend besig is met ondersoeke ten einde vas te stel watter uitbreidings wenslik is in verband met die toekoms van ons Maatskappy. Dit is die standpunt van u Direksie dat slegs proposisies wat goeie ná-oorlogse moontlikhede bied in aanmerking geneem kan word terwyl daarby die nodige opgeleide personeel beskikbaar moet wees om die ondernemings te dryf. Daardeur word ons genoodsaak om die oorgrote meerderheid van die proposisies van die hand te wys, maar ek kan die aandeelhouers verseker dat elke proposisie deeglike oorweging geniet en waar dit nie in die raamwerk van Kopersbond pas nie, verwys ons dit na ander belangstellendes.

Ek het in die begin van my verslag melding gemaak van die feit dat ons in die afgelope jaar spesiale aandag geskenk het aan die stabilisering van die finansiële verhoudings. In hierdie verband wil ek graag noem dat die verdere aandele-uitgifte van £250.000, wat die geoutoriseerde kapitaal van die maatskappy op £750,000 gebring het, 'n groot sukses was. Hierdie uitgifte het ons in staat gestel om die bankverpligtings van die maatskappy te verminder, terwyl verder 'n sterk kontant posisie opgebou is. Wanneer die ná-oorlogse periode in gedagte gehou word, waarin sekere skommelings in die ekonomiese lewe verwag kan word, dan is dit duidelik dat in so 'n tyd 'n sterk finansiële posisie van groot voordeel is. Ek wil graag onder die aandag van ons aandeelhouers bring dat die persone wat Kopersbond-aandele besit toegelaat word om die tweede helfte op hulle aandele, wat nog nie opgeroep is nie, vrywillig op te betaal. Vir die laaste paar jaar word 'n rentekoers van 6 persent op hierdie vrywillige vooruitbetaling betaal, wat baie goed vergelyk met die rentekoers wat beleggers op die oomblik op deposito's ontvang.

Dit sal ons aandeelhouers seker interesseer om te weet dat die bates van Kopersbond en die filiaalmaatskappye, wat direk deur hom gekontroleer word, vandag op £2,362,000 staan. Daar word werk verskaf aan 420 werknemers, terwyl die totale

Vervolg op bls. 3 kol. 1

Vervolg van bls. 2 kol. 4.

salarisse wat deur Kopersbond en die filiaalmaatskappye uitbetaal is vir die boekjaar geëindig 30 Junie 1944 £97,373 bedra. Die totale verkope van die gesamentlike maatskappye het £930,000 oorskry en hierdie syfers vermeerder van jaar tot jaar. Die totale waarde van die vaste eiendomme van Kopersbond en sy maatskappye het op 30 Junie 1944, £430,200 bedra en hier kan aan toegevoeg word dat die markwaarde van die vaste eiendomme pond bokant die bedrae is waarteen dit in die boeke vermeld staan.

In die jaar onder bespreking het daar sekere aanvullings en veranderings in die samestelling van die direksie plaasgevind. Dit is met leedwese dat ons moet meedeel dat mnr. K. T. Wilz, wat in Desember tot die Direksie van Kopersbond toegetree het, in April 1944 oorlede is. Sy heengaan was 'n groot verlies vir die maatskappy, daar hy in die kort tydjie wat hy as direkteur gedien het homself 'n krag vir die maatskappy getoon het. Die volgende here het in die loop van die jaar toegetree as Direkteure van die maatskappy: Mnr. J. N. B. Schabort, mnr. G. T. Robertson, mnr. L. P. van Zyl-Ham, mnr. A. P. Smith, Inr., en dr. F. D. du Toit van Zyl. U sal later in hierdie vergadering gevra word om hierdie aanstellings te bekragtig.

Tenslotte wil ek graag dank betuig aan my mede-Direkteure en Dagbestuur en, namens myself en die Direksie, aan die Algemene Bestuurder en sy personeel, aan ons ouditeure, asook aan die personeel van ons filiaalmaatskappye vir die waardevolle en lojale dienste wat in die afgelope boekjaar gelewer is.

[Advt.

LUCERN en AARTAPPELS
STUUR U PRODUKTE AAN
UNIE PRODUKTE AGENTSKAP
Hangerstr. 34 — BLOEMFONTEIN
Eienaars: A. SPIES en MOOLMAN.

BEGRAFNISVERENIGING

'n Klein Maandelikse Premie dek die hele Familie.
Die Lykbesorger in u dorp is ons agent.
DIE SUID-AFRIKAANSE FEDERASIE VAN BEGRAFNISVERSEKERINGS-VERENIGINGS BEPERK. ... ... ... ...
(Geregistreer onder die Versekeringswet)
63 Beckettsgebou, Presidentstraat 67, h/v. Harrisonstraat,
JOHANNESBURG.

SASBANK
Verrig Volksdiens!
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
Terme uiters billik.
RAADPLEEG SASBANK
PAARL:— Posbus 266
WORCESTER:— Posbus 57
KAAPSTAD:— Posbus 2387

ONS STAAN
IN DIENS VAN
DIE BOEREVOLK
VIR ALLES
SONOP
DIE WINKEL
MET 'N IDEAAL

## YWERIGES HOU DERDE FUNKSIE

Ons het die volgende berig van die Jeugveldkornette op Blackhill-stasie ontvang:

Hier op die uithoek van die Bethal-Wes-Kommando is 'n warm klompie brandwagte.

Op Saterdag 11 November het hulle weer 'n funksie gehou op die plaas van mnr. Naas du Preez. Daar is hulle altyd baie welkom.

Die funksie was georganiseer deur die flukse Veldkornet Gert van Wyk (E6b4). H./Genl. Gert Opperman van Delmas en Genl. Naas Prinsloo was teenwoordig en het die aanwesiges toegespreek.

Weer was die vrouens die flukse werksters ;die mans het jukskei gespeel en skyf geskiet. Ons moet die name noem van mevv. G. van Wyk, Potgieter, veldkte. M. Prinsloo, J./Veldkte. M. du Preez en van mev. en mej. Van Emmenis, wat nie lede is nie. En bo almal Tannie Johanna du Toit, die Moeder van die O.B. hier.

Ook was die Boerejeug-dogters baie fluks. Johanna en Anna du Toit, dogters van Tant Johanna, werk altyd baie fluks en het al baie geld ingesamel vir die Boerejeug. Klein Rieta du Preez het twee pappegaaitjies gegee en £1-5-0 is daarmee gemaak.

Die mooi bedrag van oor £30 is ingesamel.

Dis die derde funksie wat deur dieselfde klompie gegee word hierdie jaar, waarmee hulle byna £100 gemaak het. Hulle organiseer alweer vir die volgende funksie vroeg in a.s. jaar.

LANG LEWE DIE OSSEWABRANDWAG!

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MØREMARK (Posbus 7186) NEWTON

BOLAND BOTTELSTOOR
HOOFSTRAAT 73
PAARL
Foon 984.

£1000 vir u Oë
Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.
DUWAS
Die Antiseptiese en Helende Oogwas.
'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.
Van alle Apteke, of direk van
DIE VOORTREKKER-APTEEK
KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2780).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 785).

RAKETTE
ASOOK ANDER SPORTBENODIGHEDE
stuur aan
VAN ZYLS
vir
HERSNARING
DIE PAARL
OOK TE PORTERVILLE.

'N GESONDE BELEGGING . . .

Dit is wat met reg van Kopersbond-aandele gesê kan word. Want Kopersbond-aandeelhouers deel in die winste van een van die grootste groothandelsake in die land, die grootste meubelsaak in die Unie, 'n finansiële instelling, 12 kleinhandelwinkels, 'n kantoormasjiene-maatskappy, 'n mans-uitrustersaak, ens.

En afgesien van die feit dat dit 'n verspreide belegging is, is dit tewens

'N WINSGEWENDE BELEGGING

want Kopersbond het gedurende die afgelope drie jaar

32% DIWIDENDE

aan sy aandeelhouers uitgekeer.

3,400 Beleggers het reeds vir £675,000 aandele uitgeneem.

Vra dadelik om Prospektus!

DIE KOPERSBOND, BEPERK,
Spoorbondkasgebou — Johannesburg.

Raad van Direkteure:
Dr. F. J. Kritzinger,
Dr. H. G. Luttig,
Dr. F. F. Borchardt,
G. T. Robertson,
L. P. van Zyl Ham,
Dr. J. H. Pienaar,
Dr. C. J. S. Strydom,
J. J. Ackermann,
J. N. B. Schabort,
A. P. Smith,
F. D. du Toit van Zyl.

DIE SEKRETARIS.
Die Kopersbond, Bpk.,
Posbus 8363, Johannesburg.

Meneer, — Stuur my asseblief 'n eksemplaar van u Prospektus, asook 'n kunsbrosjure.

NAAM: ..................................................
ADRES: ..................................................

# Gee Boeke Hierdie Jaar!

# Uitgesoekte Kersgeskenke

**ROMANS:**

VERTRAAGDE LENTE .. .. .. .. Sophie Roux 9/6
ANDERKANT DIE BERGE .. C. M. v. d. Heever 11/-
ERFPLAAS .. .. .. .. .. .. .. .. G. B. S. Pasch 7/3
GEKNAKTE RIETE .. .. .. .. .. .. .. .. Paula 8/-
MAMMON SE AFGRONDE .. .. .. .. .. .. R. Brits 9/3
NIE VIR RYKDOM .. .. .. .. .. .. .. T. C. Pienaar 9/9
WEERKLANK van die KLOWE, Ella Eloff v. d. Walt 7/-
DIE BITTER KELK .. .. .. .. .. Mynhardt Fourie 6/-
ELSA .. .. .. .. .. .. .. .. .. Elizabeth Vermeulen 7/6
DIE WINTER GAAN VERBY .. .. T. C. Pienaar 8/9
WIT STEDE .. .. .. .. .. .. .. .. A. J. du Plessis 9/-
LUGSPIEëLINGS .. .. .. .. .. .. .. Massie Muller 6/4
DWAALWEë .. .. .. .. .. .. .. W. A. Willemse 6/4
MANDA .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. Liza Venter 5/10
SOOS YDELE STOF .. .. .. .. .. .. .. André Hugo 5/10

**SPEUR- EN AVONTUURVERHALE:**

SOOS WATER OP DIE GROND .. .. Karl Kielblock 9/3
DIE VYAND IN ONS MIDDE .. Johann v. d. Post 5/10
DIE MOORDHUIS .. .. .. .. .. .. A. J. van Zyl 8/-
DIE WREKER .. .. .. .. .. .. .. .. R. Hendriks 3/9
DAAR WAS NEGE .. .. .. .. .. .. .. .. Mikro 6/-
'N VRYSTAATSE VAKANSIE .. .. .. .. .. 0/0

**GESKIEDKUNDIG:**

DIE LEWENSGESKIEDENIS VAN GENL. J. B. M. HERTZOG .. .. .. .. .. C. M. v .d. Heever 24/6
DIE HELDE-ALBUM VAN ONS VRYHEIDSTRYD P. H. S. van Zyl 36/6
ANDRIES PRETORIUS .. .. .. Gustav Preller 10/-
HENDRIK POTGIETER .. .. Potgieter/Theunissen 8/-
UIT DIE DAGBOEK VAN 'N WILDEBOER P. S. LOMBAARD 5/6
DR. NICOLAS JOHANNES VAN DER MERWE G. D. Scholtz 16/6

**VIR DOGTERS:**

Vriendinne: Jaarboek vir Dogters Nr. I, Paula Euvrard 6/10
Ses Kamermaats op Blourand .. .. Stella Blakemore 7/-
Maasdorp se Drie Musketiers .. .. Stella Blakemore 7/6
Keble en die Wonderkind .. .. .. Stella Blakemore 8/-
Jong Dae .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. M. E. R. 5/9

**VIR SEUNS:**

Die Kroon van die Skool .. .. .. .. Theunis Krogh 7/6
Twee Nuwe Seuns op Keurboslaan .. Theunis Krogh 8/-
Avonture op Keurboslaan .. .. .. .. Theunis Krogh 7/6
Die Hoof van Keurboslaan .. .. .. .. Theunis Krogh 7/-
In Twee Wêrelddele .. .. .. .. .. J. J. Groeneweg 6/6
Die Oor, die Weegskaal en die Boek, J. J. Groeneweg 7/-
Die Grys Adelaar .. .. .. .. .. C. J. Groenewald 5/4

*Bestel van:*

# Afrikaanse Pers-Boekhandel

*Posbus 845 — Lovedaystraat 75 — Foon 33-8669*

*JOHANNESBURG*


# Kragtige Oproep tot Eenheidsfront

## PARTYFRONTE VERBROKKEL DIE VOLK

## A.K.G. op Worcester

**„Die agtergrond van die boodskap, wat ek vanaand aan u wil bring", het die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, Saterdagaand, 2 Desember, in die Worcesterse Stadsaal gesê, „is dieselfde soos dit was vanaf die ontstaan van die Ossewabrandwag, en soos dit altyd sal bly, nl. die inskakeling en samesnoering van alle Afrikaners by en tot 'n magtige eenheidsfront vir die verwesenliking van ons vryheid"**

**Die A.K.G. het opgetree by geleentheid van 'n openbare vergadering, wat deur die Worcesterse Kommando belê was, met die doel, soos die voorsitter, komdt. A. Viljoen, verduidelik het, om die publiek in te lig oor die O.B. se standpunt t.o.v. 'n parlementêre front vir die Afrikanervolk.**

**Genl. Smith het baie ernstig gepraat en sy boodskap het 'n diep indruk op die gehoor gemaak. Hy het gesê**

Alles wat die O.B. in die verlede gedoen het, en vandag nog doen, het hy gedoen en doen hy nog, met die oog op die eenwording van die Afrikanervolk. Die O.B. moet al daardie vreemde gesindhede en dinge uitroei en doodmaak — die verdelingsmagte wat daargestel word tot verbrokkeling en magteloosstelling van ons volk. Waar die O.B gebots het met mense, was dit oor hierdie eenheidsbegrip en het dit gegaan oor die verdeling van die volk in partyskappe — iets wat die O.B. nie kan en mag duld nie.

**VOLKSPOLITIEK**

Vanaf sy ontstaan het die O.B. die vrymaking van ons volk beoog en sy nasionale ontplooiing nagestreef op alle terreine van sy openbare lewe. Gevolglik was hy altyd, en is hy vandag nog, omvangryker en breër as partypolitiek, want hy het ontstaan om te beweeg op die volkspolitieke terrein. Die O.B. beoog die welvaart van die volk op maatskaplike, ekonomiese, geestelike, ja, enige gebied. **Gevolglik moet die O.B. die volkspolitiek beoefen wat diens aan die hele volk wil lewer, op al die lewensterreine van die volk — in teenstelling met die partypolitiek, wat een deel van 'n volk afhok in 'n kraal om 'n ander deel te beveg.** Daarom dat die O.B. nog altyd konsekwent geweier het om op die partypolitieke terrein gesleep te word.

**NEEM DEEL AAN DIE POLITIEK**

Omdat sedert sy ontstaan die O.B. op die volkspolitieke terrein vir die Afrikanervolk in die bresse getree het, daarom is die O.B. ook van vroegs af uitgenooi om deel te neem aan enige poging of samespreking, wat enigsins tot heil van die volk, op watter terrein van sy lewe ookal, kon strek. Omdat die O.B. die partypolitiek omvat en oortref het, daarom het o.a. die partyleiers ook van die begin af gretig die hulp van die O.B. ingeroep.

In 1940 b.v. is die O.B.-bestuur uitgenooi om saam met die H.N.P. se krisiskomitee te vergader; later is die Cradock-ooreenkoms met die O.B. aangegaan; en in 1942 was die O.B. onontbeerlik by die stigting van die Eenheidskomitee. Die O.B. was algemeen geken en erken as volkspolitieke organisasie en sy steun en samewerking is gesoek en waardeer. Toe die O.B. in 1942 bereid was om dr. Malan en die H.N.P. te erken as „die enigste nasionaalgesinde organisasie op die gebied van die partypolitieke leiding" en nie vir die volk 'n afsonderlike parlementêre front uit te bou nie, was almal, die H.N.P. veral, dankbaar teenoor die O.B. en het niemand gedroom om hom van „politiek" te beskuldig nie.

**PARTYPOLITIEK**

Maar die partyleiers was te klein. Hulle kon hierdie parlementêre front nie vir die volk beskikbaar stel nie, dit moes die party dien. **Gevolglik het die partyleiers later in die jaar hierdie einste parlementêre front wat die O.B. se steun geniet het, in vyandige rangorde gaan opstel teen die O.B** Met ultimatums het hulle die Afrikanervolk verdeel. Dit het egter aan die volkspolitieke karakter van die O.B. niks aan of afgedoen nie. Die O.B. het sy stryd voortgesit. Die Offisierslaer te Bloemfontein het eenvoudig besluit dat die O.B. hom moet uitbou tot volkspolitieke beweging om alle fronte te dek — selfs ook die partypolitieke front, wat nou deur die ultimatums van die H.N.P.-leier, afgeskei is van die volks-eenheidsbeweging en gevolglik verbrokkel en verswak is.

**O.B. SOEK EENHEID**

Maar die O.B. het eers probeer om die eenheid op die partypolitieke front te herstel. Op 4 Januarie 1943, met die oog op die algemene verkiesing, het die O.B. die H.N.P. uitgenooi om 'n verenigde verkiesingsfront te stig. Die O.B. het hom hiertoe verplig gevoel omdat hy oortuig is dat die bestemming van ons volk 'n vrye, onafhanklike republiek is, en hy alles in sy vermoë wou doen vir die bereiking van hierdie bestemming. Maar die H.N.P. het hieraan geen gehoor gegee nie. Na hierdie poging het die O.B. talle male nuwe eenheidspogings aangewend, maar al sy oproepe om 'n eenheidsfront het steeds op dowe ore geval. Meer het gebeur. Dit is aktief gesaboteer.

**H.N.P. SKOP UIT**

Eers is alle O.B.-lede uit die H.N. Party se besture geban en nou moet hulle selfs as gewone lede ook uit die party geskop word. Hiermee is nogeens bewys dat 'n party bedoel is net vir 'n gedeelte van die geheel — dat dit uitsluitend is, nie insluitend nie ,en dat dit nooit die hele volk kan dek nie. Partye omskep die lewe van 'n volk in 'n warboel van vernietiging van mekaar. Vandag reeds wil die Sappe alle nie-Sappe uit die staatsdiens gooi, en die H.N.P. alle O.B.-lede uit die kerke verban! Alles is net uitdeling en vernietiging, een teenoor die ander. Een Afrikaner bespreek en bestreef die vernietiging van sy mede-Afrikaner. Hierdie toestand kan en durf nie voortduur nie. Die Afrikaners het mekaar nodig en moet bymekaar staan.

**Partyskap het vandag in Suid-Afrika sy ergste vorm van vernietiging en bekamping bereik.**

**DIE VERKIESINGSFRONT**

Wat is hierdie parlementêre volksfront wat die O.B. in die plek van die volksvernietigende partyfronte wil stel? Dis nie 'n party nie, want nooit in der ewigheid sal die O.B. 'n party word nie. **Dis net 'n oproep van die O.B. tot samewerking van alle Afrikaners, ten einde 'n gemeenskaplike verkiesingsfront vir die Afrikanervolk daar te stel.**


Die O.B. sal geen O.B.-kandidate stel nie, maar hy gaan ook sy volkspolitieke plig nie versuim nie. **Hy gaan orde skep op alle terreine van die volk se lewe waar chaos heers — selfs op die parlementêre terrein. O.B.-lede word gevra om ook op hierdie terrein die leiding van dr. Van Rensburg te aanvaar en nie te struikel oor die „leiding" van dr. Malan nie!** Alle O.B.-lede, en alle ander Afrikaners of Afrikanerorganisasies wat nie langer wil twis nie, moet saamkom in die parlementêre volksfront, en volkskandidate aanwys indien daar weer 'n verkiesing kom.

**'N EKONOMIESE BLOK**

Na hierdie oorlog sal daar ekonomiese ontwrigting in erge graad plaasvind. Die vraag ontstaan of die volk as volk beheer sal hê oor ekonomiese toestande al dan nie. Die volk kan hierdie beheer alleen verkry as hy eensgesind optree op alle terreine van sy lewe, en nooit as hy teen homself stry op verskillende partyfronte nie.

(Vervolg op Bl. 5, kol. 1)

## STELLENBOSSERS DOEN LANDSDIENS



(1) Die A.K.G. en Genl. Dirk van Rooy, leier van die Boerejeug (links) op besoek in die kamp. (2) 'n Span van die Stellenbosse O.B.-arbeidskamp met vlagparade. (3) Aan die werk. (4) 'n Werkspan van die arbeidskamp te Polkadraai, Stellenbosch.

(Vervolg van Bl. 4, kol. 4)

Die O.B. het reeds 'n Sosiaal-Ekonomiese Beleidsraad saamgestel. Onder leiding van hierdie raad roep die O.B. alle belangegroepe in die land op om 'n ekonomiese front daar te stel — wat bestaansbeveiliging aan die hele volk kan waarborg, van die produsent tot by die verbruiker.

### EKONOMIESE VERTEENWOORDIGING

Die O.B. glo nie aan die partykruisie nie, want niks kan vir 'n volk dodender wees as juis hierdie kruisie nie, want dit dwing jou om teen jou mede-Afrikaner te veg. Maar die O.B. wil seer sekerlik — en dit was nog altyd sy beleid, soos o.a. ook uiteengesit in Omsendbrief 1/41 — elke vyf jaar 'n president laat kies deur die volk, en verteenwoordigers van bedrywe of ekonomiese belangegroepe, wat dan 'n Volksraad sal vorm. **Hierdie Volksraad sal die volk in sy ekonomiese lewenskringe verteenwoordig, en dit sal beheer van die volk as volk oor sy ekonomiese lewe waarborg.**

Die volk moet gereed gemaak word om aldus beheer oor sy eie sake in eie hande te neem. Die O.B. het reeds die Sosiaal-Ekonomiese Beleidsraad daargestel vir die skepping van 'n omvattende ekonomiese front. Die O.B. nooi ook tans alle eenheidsliewende Afrikaners uit om 'n verkiesingsfront te vorm.

### CHRISTELIKE SOSIALISME

Wat ookal op die slagveld gebeur maak nie saak nie. Die wêreld beweeg na een of ander vorm van Sosialisme, en in Suid-Afrika wil ons as teenvoeter vir die kapitalisme en die kommunisme, 'n Christelike Sosialisme hê, wat nasionaal is. **Dit is die leer van Een vir Almal en Almal vir Een, binne die volksverband.** Daarom wil ons 'n groot volksfront in S.A. hê wat die helpmekaar-gees sal beoefen; die parlementêre volksfront is die eerste stap in daardie rigting. En sy eerste taak is om die parlement soos hy tans bestaan, nek om te draai, en 'n ware volksraad daar te stel, verteenwoordigend van die beroepe van die volk.

**Die O.B. is die enigste verenigende krag in S.A. en daarin sal alle Afrikaners in S.A. nog eendag as magtig georganiseerde eenheid saamkom om te werk tot heil en welvaart van land en volk, het genl. Smith afgesluit.**

'n Puik wagafdeling, onder bevel van die kaptein van die wag Kossatz, het opgetree. Hulle het die A.K.G. geleide gedoen na die saal en was gedurende die verrigtings op wag. Die saal was opgeskik met republikeinse vlae en O.B.-baniere.

## HOE WAARHEID VERDRAAI WORD!

Op 25 Julie 1944, gee dr. Malan opdrag dat O.B.-lede uit sy party geskop moet word. Let op die datum soos gepubliseer in Die Burger.

Op 9 Augustus 1944, verklaar dr. Van Rensburg na aanleiding van die uitskopbeleid van dr. Malan die volgende:

> Tot dusver het die O.B. die parlementêre front as sekondêr en minder doeltrefend laat links lê. Hy het nie meegeding nie, want hy wou nie. Moenie die fout maak om te dink dat hy nie kon nie. Brandwagte en S.J.'s wat goed genoeg is om links en regs vir die republiek na tronk en konsentrasie-kampe te gaan, is seer sekerlik ook goed genoeg om Parlement-toe te gaan — as hulle wil. Onthou dit — en laat ons met rus of ontmoet ons ook elders.
>
> Dit kan geskied sonder dat die O.B. 'n blote party word.

Intussen woed 'n heftige veldtog van swartsmeerdery en verklaery by die speurdiens, teen die O.B. wat dan kwansuis vir mnr. Mentz sou geslaan het.

Op 29 September 1944, vaardig die Grootraad 'n verklaring uit waarin hy 'n beroep doen op alle Afrikaners wat nie wil skeur nie, om saam met lede van die O.B. 'n parlementêre volksfront te vorm. In hierdie front is selfs die H.N.P .welkom — op net een voorwaarde. hulle moet bereid wees om saam te werk met hul mede-Afrikaners.

**Nou verklaar die H.N.P.-leiers op al hul vergaderings, dat aangesien die O.B. 'n Parlementêre Volksfront gestig het ,daarom moet alle O.B.-lede uit die party geskop word. Die werklikheid is dat dr. Malan op 25 Julie 1944, alreeds alle O.B.-lede uit sy party geskop het, weens die beweerde aandadigheid van die Ossewabrandwag aan die Mentz-aanranding.**

## HOOFKWARTIER WORD VERSKUIF

Die hoofkwartier van Gebied B (Oos-Kaapland) sal van aanstaande jaar af van Cradock na Port Elizabeth verskuif word. Die nuwe kantoor is in die Harmonie-gebou, Grahamstraat, Noordeinde, geleë.

Die posbusnommer is 3128, Port Elizabeth.

Waar u Kapitaal nie ledig lê nie.

RENTEVOET:

Vaste Deposito's:

3½% per jaar op vaste beleggings vir 3 jaar.

3 % per jaar op vaste beleggings vir 2 jaar.

2½% per jaar op vaste beleggings vir 1 jaar.

Spaarrekenings:

2% op maandelikse minimum saldo.

Geregistreerde Kantoor:
Spoorbondkas Beperk,
De Villiersstraat, 15,
Posbus 8289,
JOHANNESBURG.

Foon 33-0337 8 9.

ADVERTENSIES IS DIE POLSSLAG VAN ONS BLAD
ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

Kersfees 1944 -:- Nuwejaar 1945

'N BAIE GESEENDE KERSFEES, BAIE VOORSPOED EN GELUK IN DIE NUWEJAAR, WORD AL ONS O.B.-VRIENDE TOEGEWENS.

Steyns

DIE DAMESWINKEL

VOORTREKKERWEG PAROW.

# Die Wag van die Ossewabrandwag

Deur 'n Lid van die Wag.

„Eintlik kom die Afrikanervolk maar net een ding kort en dit is dissipline!" — Dis 'n klag wat ons wel dikwels hoor, en ons wonder soms wat ons alles al kon verrig het as ons maar net meer dissipline gehad het.

Veral is hierdie aanklag — die gebrek aan dissipline — iets wat die jeug van ons volk aangaan, want as ons gedissiplineerd is, dan sal die volk van more — dit is die burgers en burgeresse van die Suid-Afrikaanse Republiek — ook gedissiplineerd wees.

## INSPAN-DISSIPLINE

Ons is nie voldoende gedissiplineer nie. Daarom wil die O.B. deur sy Wag aanvul wat kort kom. Die Wag is die aksiefront van die O.B. Vroeër was die posisie van die jongmense (sê tussen 18 en 25 jaar) in die Ossewabrandwag nogal 'n bietjie moeilik te bepaal — te oud vir die Boerejeug, maar ook eintlik nog te jonk om werklik posisie van gesag in die O.B. te beklee. Weliswaar is daar van ons jongmense baie ywerige offisiere. Uit die Wag word voortaan die ofisiere en beamptes van die O.B. getrek, klaar afgerig en opgelei.

Die O.B.-Wag roep elke jong Afrikaner — van die kantore, van die universiteite, van die plase ,van oral. Daar wag 'n groot taak. As ons ons vir sport in vyftientalle kan organiseer en afrig, vir praktiese volksdiens kan ons dit ook doen. **'n Volk soos ons s'n wat in nood verkeer, kan nie sy jong en sterk kragte verwaarloos nie. Dit moet voorberei, geoefen en afgerig, ingespan word vir spanwerk op alle terreine, hetsy vir bodembeskerming, hetsy vir volksbeskerming.**

## OM GEVAAR AF TE WEER

Die Wag gaan sy doel bereik. Ons ontspanningslewe is geheel-en-al geskoei op die lees van die vyand. Deur ons eenvormige drag, deur ons gedissiplineerde optogte gaan ons die verbeelding pak en weglei van die dekadente vreemde. Ons gaan in spanne wedywer in gedissiplineerde optrede, in volksdiens en landsdiens.


**En kom die Ossewabrandwag, meer nog, kom ons volk in gevaar, dan sal daar 'n gedissiplineerde Wag wees wat die gevaar sal weer.** Ons sal laertrek om ons volk en 'n wiel vorm. En onthou: „eenmaal sal daar 'n wiel rol wat niemand sal keer nie" — die wiel van 'n gedissiplineerde Afrikanerdom op die koers van S.A.

Ons sal weer uitgaan na die veld en daar laer trek om so los te kom van die vreemde wat ons gedurig omring en daarbuite sal ons gaan naspeur wat goed en edel was in ons volksverlede en daarop ons toekoms bou.

Want vir ons staan dit vas: Gebore onder die Britse vlag wil ons volk nie daaronder sterwe. Dit is ons strewe ook in die jaar wat kom.

„Die stryd wat ons vaders begin het,
Sal woed tot ons sterf of gewin het,
Dit is die Eed van Jong Suid-
Afrika".

LANK LEWE DIE OSSEWA-BRANDWAG.



**LINKS: 'n Wagkommando op mars met die Adjunk-Kommandant-Generaal, uniale hoof van die O.B.-wag, vooraan. REGS: Die A.K.G. salueer die vlag wat die Wag ontvang het om gehys te word.**

## ONTSPAN-DISSIPLINE

Is daar werklik geen vorm van dissipline nie? Ja, daar is byvoorbeeld voetbal. Hier is die jeug georganiseer in spanne van vyftien elk onder 'n kaptein. Jou beste span, jou tweede beste span, ens. Hierdie spanne word weekliks geoefen en gedissiplineer om in mededinging met andere met hul beste voor die dag te kom. Ons jongmense offer baie op, tyd, geld en soms word lang reise terwille van voetbal onderneem.

Daar ontwikkel 'n spangees. As iemand nie sou opdaag nie, of die ander veertien op 'n ander manier in die steek laat, dan word hy volgende keer uit die span gelaat en 'n meer getroue kom in sy plek.

Al hierdie dinge werk daartoe mee dat ons groot sukses behaal op hierdie gebied; soveel selfs dat ons na die onlangse Springboktoer in Nu-Seeland onbetwisbaar wêreldkampioene is. **Ons kan seker die beste voetbal vir die wêreld speel, terwyl ons volk die hoogste persentasie armblankes het.**

**daar om dissipline te laat geld nie net by ontspanning nie maar ook vir inspanning.** Ons vorm in die Wag ook spanne met die kapteins vooraan terwille van nasieliefde en nasie-diens, vir bodemliefde en landsdiens!

## VRYBURG PRESTEER

Genl. P. J. Grobbelaar skryf soos volg aan Die O.B.:

Hiermee my innige dank aan alle kommando's van die Vryburg Generaalskap vir hulle groot ywer en offervaardigheid met fondsdag.

**Vryburg het nie alleen die hoogste opbrengs in die Vrystaat behaal nie, maar die C. R. de Wet-kommando het ook die wisselskildery verower.**

Besonder word dank uitgespreek aan daardie kommando's wat hulle vorige opbrengs so ver oortref het.

Sulke offervaardigheid sal nooit vrugteloos wees nie.

Mag die Kersfees geseënd en die Nuwejaar nuwe moed en besieling bring.

## ARBEID ADEL

Die Veldskoenkring op Oudtshoorn het vanjaar sy werksaamhede op 2 Desember afgesluit. Hierdie arbeidskring het gereeld die hele jaar deur elke week 'n sommetjie vir die Noodhulpfonds byeengebring. Die totaal beloop £51-5-10, die vrug van gereelde arbeid en offervaardigheid.

Die leier van die kring skryf: „Ons dank ons God vir die voorreg wat ons gehad het om selfs onder moeilike omstandighede iets vir ons lydende mede-Afrikaners te kon byeenbring. Ons wens hulle sterkte, heil en seën toe!"

En ons wens u ons opregte dank toe te bring.


Aan al ons studente . . .

'N GESEËNDE KERSFEES EN 'N SUKSESVOLLE NUWEJAAR

Met Kersfees en 1945, vol van beloftes vir die persone wat in staat en gereed is om van hulle kanse gebruik te maak, reeds in sig, wil die Direkteure en Staf van die grootste opvoedkundige inrigting in Suid-Afrika graag al hulle studente 'n BAIE GESEËNDE KERSFEES en GELUKKIGE NUWEJAAR toewens.

Transafrikaanse Korrespondensie Kollege (Eiend.) Bpk.

Posbus 3512 Johannesburg

Belangrike Aankondiging

★

Vanaf 1 Januarie 1945 sal die

HELPMEKAAR Korrespondensie-Kollege, T.O.

verenig wees met Universiteit Korrespondensie Kursusse onder die naam van

TRANSAFRIKAANSE KORRESPONDENSIE-KOLLEGES (EIEND.) BPK.

'n Grootse opvoedkundige inrigting vir professionele, akademiese, handels- en tegniese opleiding. Maak T.A.K.K. u eerste stap tot 'n suksesvolle toekoms.

★

# En nog 'n Jaar is Gans Verby

## Ekonomiese Nood

Die nood van hierdie geslag van die Afrikanervolk is van ekonomiese aard. Dit is ekonomiese bande wat ons volk tans knel. Die probleme van hierdie geslag van ons volk gaan oor die mens en sy behoeftes. Vraagstukke waaroor hoofde gebreek word en harte bekommerd is, behels sake soos onekonomiese pryse vir geproduseerde artikels; oorkapitalisasie van grond; onoordeelkundige produksie; die onsekerheid en onstandvastigheid van werk; lae lone wat nie in die werklike behoeftes van die huisgesin kan voorsien nie; onverskilligheid oor die oudag van die werker, oor sy doktersrekening en die hoër opvoeding van sy kinders; en deesdae verrys al hoe skrikwekkender die oorlogse en na-oorlogse probleme van huisetekort ,voedseltekort en duur en ondoeltreffende klere. As keersyde hiervan moet genoem word die ergernis waarmee steeds meer en meer mense kennis neem van die onmenslike spekulasie wat gevoer word met die noodsaaklike behoefte-artikels van die volk en die daaruitvloeiende ophoping van woekerwinste.

Kortom die sleutel tot die oplossing van ons volk se nood lê opgesluit in die verskaffing en in die waarborg van veiligheid van bestaan aan elke lid van die volk.

## Die Ekonomiese Front

Omdat die Ossewabrandwag al hierdie dinge maar alte duidelik besef en dit as sy plig beskou om hierin verligting te probeer bring, daarom het die Afrikaanse Volksbeweging oorgegaan tot die daarstelling van 'n Sosiaal-Ekonomiese Beleidsraad, wat dit as sy besondere taak het om 'n omvattende ekonomiese front vir die Afrikanervolk te skep. Alleen as die hele Afrikanervolk, en al die ekonomiese belangegroepe of kringe, binne ons volk, saamgetrek word en gemobiliseer word vir volksdiens — alleen dan het die Afrikanervolk 'n kans om beheer te kry oor sy eie ekonomiese lewe en die nood wat op hierdie gebied heers te lenig.

Die gees wat hierdie front gaan adem en die ekonomiese organisering van die volk is van die uiterste belang.

Aangesien die Ossewabrandwag die leiding neem by die totstandkoming van hierdie front, kan sy gees niks anders wees as die gees van **ek is my broer se wagter.** Onder geen omstandighede durf dit die kapitalistiese winsmotief aankleef nie, maar moet dit noodwendig deurdrenk wees van Afrikaner-Sosialisme.

## Deskundige Regering


As hierdie ekonomiese front net maar op die gebied van kongres-hou en huis-toe gaan moet presteer, dan kan mens gerus maar laat staan om so'n front te organiseer — want dan sal dit vir die volk net mooi van nul en gener waarde wees. Nee, hierdie front moet uitmond in die hoogste raadsale van die volk — hy moet deel word van die regeringsmasjien. Eers dan sal hy vir die volk werklik iets kan beteken. Elke ekonomiese belangegroep, as samestellende deel van die ekonomiese front, moet sy eie verteenwoordigers — deskundiges op die betrokke gebied — uitstoot, sodat hulle 'n volksraad of gemeenskapsraad kan saamstel ,wat gebaseer sal wees op die verskillende ekonomiese kringe in die samelewing.

Op hierdie wyse kan 'n raad vir en uit die volk saamgestel word, wat werklik uit deskundiges sal bestaan en wat inderdaad die hele ekonomiese lewe van die volk sal verteenwoordig.

Die Ossewabrandwag wil die ekonomiese lewe van ons volk organiseer om in so'n raad uit te mond en hy wil dat hierdie raad een van die regeringsliggame van ons volk sal wees. Dit wil hy, omdat hy glo in belange- of beroepsverteenwoordiging, en omdat hy geen vertroue het in partypolitieke verteenwoordiging nie.

## Die Arbeidslaer

As deel van hierdie ekonomiese front het die Ossewabrandwag reeds begin om 'n Arbeidslaer, of 'n arbeidsfront, soos dit in die wandel ook genoem word ,te organiseer. As heer-



sende beginsel geld hier die organisering van die stedelike Afrikanerwerker, binne die volksverband op 'n gesonde Christelik-Sosialistiese basis. Al dadelik het die Arbeidslaer gebots met die kapitalisme wat teen alle koste probeer verhoed dat die Afrikaner-Sosialisme van die stedelike arbeider moet koppel aan die strydlustige en offervaardigde nasionalisme, waardeur ons volk in so'n hoë mate gekenmerk word. Hierdie strewe van die kapitalisme word magtig ondersteun deur die Kommunisme, wat die einde van hul proletariese drome sien, sodra die Afrikanerwerker hom kragtig begin organiseer binne die volksverband.

Ten spyte van hierdie teenkanting, en miskien juis as gevolg daarvan, het die idee van die arbeidslaer aanklank gevind in die harte van duisende veronregte Afrikanerwerkers in die groot „vreemde" stede van ons land.

'n Ander baie belangrike samestellende deel van die ekonomiese front is noodwendig 'n eensgesinde en doelbewuste boerebevolking. Met die organisering van 'n boereblok het die Ossewabrandwag ook reeds begin.

Ten opsigte van hierdie ekonomiese front het die Ossewabrandwag besliste en tydige leiding gegee. Die redding van ons volk lê langs hierdie weg. Daarom het die Ossewabrandwag sy kommandos, die skoktroepe van die Afrikanervolk ,in die stryd gewerp, om hier, op die voorpunt, die stryd vir die volk te stry.

## Partyfronte

Aan hierdie ekonomiese front kan alleen met sukses geveg word, as die hele volk daarvoor gemobiliseer kan word. Wat vandag veral in die weg van hierdie mobilisasie staan, is die verskillende partyfronte in ons samelewing, wat mekaar onderling beveg teneinde selfsugtige partyvoordeel te behaal. Soos met alles, is die eenheid van ons volk, ook met die oog op 'n ekonomiese front, van die uiterste belang. Solank die verskillende politieke partye hulle mense van die breë volksfront wegtrek en saamhok op verskillende partyfronte, solank sal die ideaal van 'n ekonomiese front vir die Afrikanervolk nie volledig kan word nie. As daar egter 'n mate van samewerking tussen die verskillende nasionaalgesinde partyfronte geskep kan word, en as hulle, onder aansporing en met hulp van die Volksbeweging, 'n volksfront op hulle terrein, nl. die verkiesingsterrein, kan skep, dan kan hierdie eenheid-vir-verkiesingsdoeleindes, baie nuttig ingespan word vir die samesnoering van ons volk op ekonomiese gebied. Dit voel die Ossewabrandwag.

## Die Parlementêre Volksfront

Met die oog hierop het die Ossewabrandwag die volk en by name die partyfronte — seer seker dus ook die Herenigde Party — uitgenooi om 'n Parlementêre Volksfront of Algemene Verkiesingsfront te stig. Om te bewys dat die volksbeweging geen selfsugtige doel hiermee nastreef nie, het die Ossewabrandwag verklaar dat hy self geen kandidate in so'n front sal stel nie, maar dat hy by voorbaat volmondig sy steun toesê aan die volkskandidate van so'n verkiesingsfront. Hiermee het die Ossewabrandwag weer tasbaar sy eenheidsbegeerte blootgelê.

As die partypolitici egter hardkoppig bly weier om saam te werk, dan sal die Ossewabrandwag nou verplig wees om voort te gaan sonder hulle; en dan sal hy maar vir volksdiens moet mobiliseer en inspan sy eie lede en almal wat moeg en sat is vir verdeeldheid en twis, plus „die uitgeskoptes en die afgeskilferdes en die volksvreemdes en die uitgeskinderdes en die onchristelikes en die weggejaagdes" en hulle geesgenote.



## Papierbomme

'n Gevaarlike en toenemende verskynsel wat deesdae al hoe meer op die partyfront van veldmaarskalk Smuts bespeur word is die kwistige gebruik wat daar gemaak word van papierbomme. Met groot reklame word so'n bom gelos; almal wag met gespanne aandag op die geweldige ontploffing; dog al wat na 'n vervelige gewag gehoor word is die gekraak van papier wat skeur.

Ons doel hier op die talryke rapporte wat deur regeringskommissies uitgebring word; met groot ophef in die regeringspers aangekondig word; om dan weggebêre te word op 'n stowwerige rak in die kluis van een of ander regeringskantoor.

Die gevaar hieraan verbonde is dat die volk daardeur gesus en gepaai word en moontlik later in gevaarlike apatie kan verval.

Die regering weet van die nood en die behoeftes van die volk, en nou kom hy met al hierdie mooiklinkende verslae voor die dag. Hy is soos 'n man wat aan sy kinders, wat om hom huil oor kos, 'n storie lees oor 'n ryk maaltyd.

Die regering, vasgebind aan die oorlog en die kapitalisme soos hy is, en gekniehalter deur die verrotte en uitgediende stelsel waaronder hy moet voortsukkel, vermag niks en kan alleen op ondoeltreffende wyse rondpeuter met die belange van die volk.

## Die Superbom

Veldmaarskalk Smuts het, nadat die rapporte van sy kommissies insake demobilisasie, gesondheid, bestaansbeveiliging, heropbou van landbou en so meer almal die lig gesien het, en hul doel gedien het, self met 'n superverslag voor die dag gekom, wat hy heel beskeie noem „Skets van die na-oorlogse Heropbouing".

Selfs vir sy eie mense was hierdie „skets" 'n bittere teleurstelling.

'n Konkrete plan vir na-oorlogse heropbou oor 'n tydperk van, sê, vyf of sewe jaar, bevat dit glad nie. Moontlik wel 'n klompie skugter beloftes. Hierdie „skets" is eintlik maar 'n poging deur die veldmaarskalk om die verslae van sy kommissie, altans dan tog vir 'n tydjie ,aan die vergetelheid te ontruk.

Ten spyte van al die mooi verslae en al die soete beloftes ,staan veldmaarskalk Smuts tog net aan die hoof van 'n party-regering. En agter partyregerings sit die magte van grootkapitaal. Onder so'n stelsel bly die volk verdeeld en magteloos ,en kan daar van bestaansbeveiliging vir elke volkslid geen sprake wees nie.



## Tussen Ons

Dit was vir DIE O.B. 'n voorreg om gedurende die jaar wat verby is, die huise van soveel duisende getroue en opregte Afrikaners te kon binnegaan.

As dit vir DIE O.B. 'n voorreg was om oor die drumpels van Afrikanerhuise te gaan, dan was dit vir hom 'n dubbele voorreg om ook deur die swaar ysterdeure en die draadhekke, die tronke en die kampe van die Empire te kon binnedring.

As vriend het hy gekom, om sy boodskap, wyd en syd, oor die lengte en die breedte van ons land, te dra. Met tiperende gasvryheid is hy oral deur die Afrikanervolk ontvang.

Met dankbaarheid en blydskap hieroor het hy steeds probeer om elke week met groter liefde en toewyding sy boodskap af te lewer.

Dit is sy taak!

By hierdie geleentheid wil DIE O.B. aan al sy lesers, waar hulle ookal mag vertoef en onder watter omstandighede hulle ook al mag verkeer, 'n baie geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar toewens.

Mag dit God behaag om ons in die nuwe jaar ons vryheid te skenk!

# Die Kommuniste Het Ook 'n Plan

Die feit van die ekonomiese nood van die Afrikanervolk het die handlangers van Kommunisme in ons land nie ontgaan nie. Van hierdie nood probeer hulle gebruik maak om steun te werf vir die goddelose doelstellings van die Kommunisme. En dit doen hulle met 'n omhaal van mooi woorde en nog mooier beloftes. Die jongste voorbeeld hiervan is 'n pamflet uitgegee deur die Kommunistiese Party, en betitel: What Next?

In hierdie pamflet bak hulle eers pragtige mooi broodjies, wat oënskynlik moet dien om die slagoffers van kapitalistiese uitbuiting — d.i. die rekrute wat die kapitalisme aan die kommunisme beskikbaar stel — te laat watertand vir die sogenaamde kommunistiese hemel op aarde. Daarna word die kommuniste se planne vir die verwesenliking van die Kommunisme in S.A. en die totstandkoming van 'n swart-wit republiek uiteengesit.

## Nou 'n „Volksfront"

„As 'n eerste stap in hierdie rigting", so verklaar die pamflet, „moet Suid-Afrika voorsien word van 'n program wat die werkersklasse en ander progressiewe elemente kan verenig". Oënskynlik moet hierdie „program" 'n opsomming wees van al die vroom praatjies wat in die eerste gedeelte van die pamflet verkondig is.

Dan word die vraag gestel, hoe hierdie program uitgevoer gaan word, en volg die antwoord, nl. deur die skepping van 'n „volksfront" ten aansien waarvan die leiding geneem moet word deur „georganiseerde blanke en nie-blanke liggame, soos b.v. die vakunies, die Arbeidersparty, die Kommuniste, die African National Congress en ander nasionale organisasies wat 'n groot deel van die bevolking in beroering kan bring". Uit hierdie beroering moet dan glo die Kommunistiese wit-swart republiek gebore word.

Hierdie plan wat nou so ewe gretig aangebied word, is maar net weer 'n herhaling van die ou bekende kommunistiese resep. Net in Europa het dit altyd bekend gestaan as 'n „Populêre Front". Hierdie soort „front" het blykbaar in die jongste tye baie onpopulêr geword, en nou word dit in S.A. weer effe opgewarm en aangebied as 'n „Volksfront".

## Hulle is Uittartend

Die blote feit dat 'n front soos hierdie gepropageer word in S.A. is 'n uittarting van die blanke man en 'n bespotting van sy Christelik-nasionale tradisies, want hierdie front moet eerstens bestaan uit 'n bonte mengelmoes van kleur en geur en dit moet tweedens geïnspireer word deur kommunistiese haat van God en Sy Gebod, sowel as van alles wat blank is.

In die jongste tye is die Kommuniste baie bedrywig met ondermynende propaganda en agitasie onder die nie-blankes. Hulle word opgestook teen die blankes en aangehits om alle wettige en morele gesag te minag en verontagsaam. Dit is gevaarlike praatjies hierdie, en die volk van S.A. sal vir die verspreiding daarvan moet betaal.

Daar moet opgetree word teen die Kommuniste en hul verraderlike tonge stom gemaak word.

# KERSGESKENK VAN H.N. PARTY VIR DIE VOLK

Die Transvaalse leiers van die H.N.P. kondig aan 'n belofte om net hul eie ondersteuners in staatsliggame aan te stel die dag as hulle aanbewind kom.

Hulle doen 'n beroep op hul volgelinge om toe te sien dat in alle openbare liggame soos skoolkommissies, hospitaalrade, ens. net H.N.P.-lede kom.

Nou word ook oral as gevolg van dr. Malan se kongresverklaring, nl. dat die Kerke en besighede moet waak teen die O.B., kerkrade aangespoor en besighede beïnvloed om O.B.-lede uit hul midde te ban.

So handel die H.N.P. onder leiding van dr. Malan.

# SUID-WESTERS WIL NIE SKEUR NIE

By geleentheid van die onlangse kongres van die Nasionale Party van Suidwes het die kwessie van die federale assosiasie van die party met die H.N.P. onder dr. Malan in die Unie weer ter sprake gekom.

Die party het besluit teen federale assosiasie met die H.N.P. in die Unie.

Mnr. Frank Fouché, L.W.V., het teen dergelike assosiasie beswaar geopper. Hy het gesê dat die H.N.P. in die Unie die O.B. in die ban gedoen het en dat Suidwes nie daaraan moet meedoen nie. „Ons hier het nog altyd saamgestaan en dit moet so bly", het hy gesê.

### S.A. SE BYDRAE

Volgens berigte in die pers het die keiser van Abessinië 'n dekreet uitgevaardig waarin „sendelinge in Abessinië verbied word om Abessiniërs te bekeer".

Ons lesers sal onthou dat Suid Afrikaanse soldate Abessinië vrygeveg het „in belang van die Christendom".


IS U KAR BAIE BESKADIG IN 'N ONGELUK?
Bring dit na ons en sien die resultaat ! !
ROELOU BARRY (Edms.) Bpk.
ROBERTSON — MONTAGU — BONNIEVALE — LAINGSBURG.
Ons spesialiseer in bakwerk, veral ongeluk en meganiese herstelwerk, en smeer van Karre.
Agente vir: Ford, Firestonebande en Plaasgereedskap.
VINNIGE EN DEEGLIKE DIENS GEWAARBORG.

Produkte van Kwaliteit




| | |
|---|---|
| Big Ben-mengsel .. .. .. | ¼pd., 1pd. sakkies |
| Kommando-mengsel .. .. | ¼pd., 10pd. houers |
| C to C-mengsel .. .. .. | ¼pd. pakkies |
| General-mengsel No. 1 .. | ¼pd. pakkies, 10pd. houers 35pd. sakkies, 75pd. sakkies |
| Government House-mengsel | ¼pd. pakkies |
| Herald-mengsel . .. .. .. | ¼pd. pakkies |
| Horseshoe (Transvaal) .. | ¼, ½ en 1pd. sak., 1pl. pak. |
| Karoo-mengsel .. .. .. | 1pd. houers, 35pd. sakkies |
| Koedoe-mengsel .. .. .. | ¼pd. sakkies, ¼pd. pakkies |
| Magaliesberg (Transvaal) | 35pd. sakkies, 70pd. sakkies |
| Outspan Piet-Retiefse-mengsel .. .. .. .. .. | ½, 1pd pakkies, 10pd. houers |
| Silver Dollar-mengsel . .. | ¼pd. pakkies |
| Springbok .. .. .. .. .. | ½, ½ en 1pd. sak., ¼pd. pak. |
| Three Roses „Navy Cut" | ¼pd. pakkies |
| Tortoiseshell-mengsel . .. | ¼pd. pakkies |
| White Horse-mengsel . .. | ¼pd. sakkies |
| Main Line Donker (Tvl.) | 35pd. sakke, 70pd. sakke |
| Main Line Piet-Retiefse-mengsel .. .. .. .. .. | 10pd. houers, 35pd. sakke. 75pd. sakke |
| Main Line-meng., „sun-cured" fyn gekerf . .. | ¼pd. pakkies, 1pd. sakkies |
| Main Line (Transvaal) .. | 10pd. houers |

Die persoon wat werklik 'n goeie tabak waardeer, verwag 'n tabak wat nie alleen smaakvol is nie, maar wat ook bevredig. Die uitgebreide verskeidenheid wat hier volg, bied 'n keuse vir elke smaak aan:

RUS U NOU UIT VIR KERSFEES EN DAARNA

diens

- VIERKLEURDASSE
  met vaal, blou, groen en bruin agtergronde . . . 5/6
- HEMDE
  met twee los boordjies, vanaf 19/6 tot . . . . . . . . 29/6
  Oopslaan Sporthemde vanaf 7/3 tot . . . . . . . . 22/6
- SAJETBROEKE
  Snit onverbeterlik. Nommers om u te pas. Vanaf 57/6 tot . . . . . . . . 67/6
- SPORTBAADJIES
  Deftige patrone in die jongste Kleurskakerings. Vanaf 55/- tot . . . . . . . 107/6

HIER IS SLEGS 'N PAAR VAN ONS BAIE PUIK WAARDES

KERKSTRAAT UNIEWINKELS (KOOPERATIEF) BEPERK PRETORIA
GEREGISTREER ONDER WET NR 28 VAN 1922
TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad

# NOELINE

Dames
Haarkappersalon

PAS GEOPEN:

Deskundige advies oor style om
u persoonlikheid te pas.

Maak 'n Afspraak met

NOELINE


Volkskasgebou — Markstraat 72 — Johannesburg
(Teenoor Biblioteek-tuine) Telefoon 34-1659

Eienaar: J. J. BOSHOFF





# HAAR VOLK HET VOORSIEN



**Die Noodhulp! In ons tyd, so ryk aan praat en so arm aan die daad, was dit 'n daad van buitengewone betekenis in ons nasiestryd en volksbou. Dit was 'n keerpunt in ons geskiedenis. In die tydperk van die Afrikaners se diepste vernedering, toe Afrikaner Afrikaner verraai, vervolg en beswadder het, was hierdie helpmekaardaad andermaal die reddingsdaad van die volk se naam en eer en die openbaring van sy edele karakter. Daarom sal Elke Afrikaner, wanneer die stryd gestry en gewin is, die beswadderaars hulself doodgeskinder het en die verraaiers die Judasdood gesterf het, met trots terug sien op sy noodhulpaksie en die vrugte pluk van sy noodhulpoffer!**

## DIE VOLK DRA HAAR KRUIS

Die Noodhulpfonds is gestig om te help in die nood. Toe die broodwinner nie sy verpligtinge kon nakom nie, het die volk ingetree as vader van sy gesin en deur die Noodhulpfonds in hulle behoeftes voorsien. Woorde kan nie beskryf wat dit in daardie tye vir 'n moeder en kindertjies beteken het nie! Daardie hulp het haar lot draaglik gemaak. Haar volk het haar gehelp om haar kruis te dra. Haar leed is versag. Sy het nie finansiële kommer gehad nie. Daarom kon sy haar kindertjies, wat die leiding van die vader moes ontbeer, versorg en opvoed; en kon sy haar lot dra soos dit 'n Afrikanervrou waardig is.

## SY GEES GESTAAL

Vir die slagoffers van verraad en tirannie egter was die geestelike waarde van die noodhulp baie groter as die stoflike hulp. Die wete dat hul volk by hulle staan, hulle nie vergeet nie, maar met die daad hulle meegevoel en trou bewys, was hartverheffend. Dit het hulle gestaal en gesterk en in staat gestel om te oorwin.

Die hulp wat hulle ontvang het was nie 'n aalmoes nie. Nee, die liefde en trou van medestryders het daardie hulp en offers nie alleen aanneemlik gemaak nie, maar die slagoffers laat voel dat hulle aan die volk behoort. Die stoflike hulp was uitdrukking van sterke bande, wat die volk en die individu aan mekaar gebind het.

## SY VOLK HET VOORSIEN

Nie alleen is daar in die werklike behoefte voorsien nie, maar die kommer, wat meer as iets anders kan neerdruk, is verwyder. Die angstige vraag: Wat moet van my vrou en kind word, is beantwoord voordat dit opgekom het. Sy volk het voorsien! Heerlike gedagte! **Die aartsvyand van ons volk het die ou taktiek, om die man deur sy gesin te tref, herhaal. Deur sy Noodhulpfonds het die georganiseerde Afrikanerdom daardie bose spel verydel.** Die Noodhulpfonds was dus nie net vir hulle 'n hulp in die nood nie, maar bron van krag in die stryd en inspirasie in die uur van lyding.

**Daarom kon die Boere in en deur die kamp triomfeer. Die Noodhulpfonds het die kamp-veldtog van die volksvyand in duie laat stort. Deur die Noodhulpfonds is 'n klinkende oorwinning behaal! Daardie bewyse van volkstrou het die vlam van patriotisme so aangeblaas, dat niks dit kon smoor nie. Daarom kon die manne ongeknak en ongeboë uitkom om weer hulle plekke in die volksgeledere in te neem.**

## SALIG IS DIE GEWER

Die noodhulp as offerdaad het egter 'n dubbele vrug afgewerp. 'n Offer het altyd 'n groot waarde vir die ontvanger, maar 'n groter waarde vir die gewer. Dis saliger om te gee as te neem. Vir die volk as geheel was die noodhulp van ontsaglike betekenis. Nie alleen het hy daardeur sy eer en prestige gehandhaaf nie, maar dit het 'n positiewe waarde gehad.

Deur sy noodhulp het die georganiseerde Afrikanerdom sy betuiginge van liefde en trou aan volk en ideaal heerlik met die daad bevestig. Indien bewyse nog nodig was, dan is hier die bewys gelewer, dat die O.B. nie gekom het om te praat nie, maar om te doen. Na jare van ydele praat het die skone woord „almal vir een" weer werklikheid geword. **Selfs die vyand het dit ingesien dat die eenheid van die georganiseerde Afrikanerdom nie slegs 'n praatjie is nie, maar dat dit 'n feit geword het, dat as jy aan een vat, jy almal aantas.**

Die Afrikaner het nie sy mede-Afrikaner hooghartig gemy nie; nie snobisties gekritiseer nie, nie lafhartig in die steek gelaat nie en nie vrekkig sy hand toegehou nie. Die geheel het die enkeling te hulp gesnel op 'n wyse wat die Afrikaner met trots, die verraaier met skaamte en die vyand met vrees vervul het. Die Noodhulpfonds is 'n bewys van 'n nuwe gees van eenheid en trou wat aan die groei is en wat elke opregte Afrikaner met moed en hoop vir die toekoms vervul.

## VOLKSTROU

**Teenoor die swarte agtergrond van broedertwis en beswaddering, verraad en vervolging blink die volkstrou van die noodhulp uit.** Die offers wat daarvoor gebring is, het die volkstrou aangewakker. Die heilige eed om die mede-Afrikaner nie in die stryd te verlaat nie, is skitterend nagekom en uitgeleef. Vir die volk was dit iets van die meeste betekenis. Die bande tussen kamerade en volksgenote is daardeur gesterk. Die volk het 'n geleentheid gekry om sy lojaliteit te openbaar en te toon. Die geleentheid is aangegryp en die toekoms sal aan die lig bring, wat hierdie oefening in volkseenheid en trou vir die geheel beteken het. In die smeltkroes is 'n eenheid gesmee, wat nie weer verbreek kan word nie. **In die toekoms sal die Afrikaner bereid wees om te ly en te stry en te offer, omdat hy weet dat sy volk waardeer en agter hom staan.** Hy weet dat die volkshouding nie langer deur sukses bepaal word nie, maar deur die ideaal en wat daarvoor gedoen word.

Bowendien deur hierdie offerdaad van die noodhulp is die volkshart veredel. So'n skone daad van selfloosheid, liefde en trou hef 'n volk op, net so seker as selfsug en selfliefde die volk verlaag en in die grond boor. So was die noodhulp 'n magtige teenwig teen die volksverlagende invloede as gevolg van selfsoekery.

**Die noodhulp is 'n helpmekaar- en reddingsdaad, 'n magtige demonstrasie van volkstrou en volksliefde, 'n profesie en bewys van die oorwinning van 'n volk deur sy eenheidskrag, liefde en trou.**

**Die volk het met sy offer sy brood op die waters gegooi en na nie meer al te baie dae nie sal hy dit in die vorm van oorwinning in vryheid terug vind.**

## KERS- EN NUWEJAARSMAAL VIR GEÏNTERNEERDES

Soos reeds voorheen berig, is die O.B. weer vanjaar voornemens om 'n Kers -en Nuwejaarsmaal vir die geïnterneerdes van Koffiefontein te reël.

Lede word herinner aan die oproep, wat van die Vrystaatse Gebiedskantoor uitgegaan het, om bydraes vir dié doel, wat in die vorm van geld of eetware verskaf kan word.

Geld moet gestuur word na die Gebiedskantoor, Posbus 668, Bloemfontein. Bederfbare ware aan mevr. T. A. Immelman, Kerkstraat, Koffiefontein. Daar bestaan veral 'n behoefte aan Kersfeeskoeke; klein koekies; pakkies jellie; vlapoeier; maizena; droë vrugte; uitgedopte neute; suiker; tee, koffie en biltong in enige hoeveelhede.

# Leier van Gebied A Besoek Sutherland

Op 11 Nov. het die Sutherland-Kommando O.B.-dag gevier. Om 10-uur het 'n twintigtal motors vir H./Genl. dr. Van Zyl, verwelkom en geleide gedoen vanaf buitekant die dorp na die Kerksaal, waar hy die basaar geopen het. Ook Genl. de Villiers van Carnarvon en H./Komdt. Van Wyk van Fraserburg, met 'n sestal offisiere was teenwoordig.

Namiddag is 'n vergadering van offisiere en brandwagte gehou. By hierdie geleentheid is aan brandwag Willie Theron die som van £17-10-0 oorhandig namens die Sutherland Kommando's. Hy is onlangs beboet omdat hy onwetend die petrolregulasies oortree het, en sy kamerade, onder leiding van Asst.-veldkt. P. J. Theron, het die boete en prokureurskoste byeengebring. Een vir almal, almal vir een.

'N MOOI BEDRAG

Hartlik en hard is gewerk onder leiding van Komdte. Theron en haar offisiere en meer as £170 13s. ingesamel, waarvan £21-5-0 deur die Boerejeug, wat hulle eie tafel had onder leiding van Jeugveldkornette Joubert en Jeugveldkornet Brink en hulle offisiere. Hartlik geluk aan die Boerejeug vir hierdie geslaagde inspanning.

AFSKEID

Die aand na die vergadering het Komdt. Immelman, wat vanaf die stigting van die O.B. alhier leiding op hom geneem het, sy ontslag geneem, weens gesondheidsredes. Komdte. Theron en Veldkornet P. Geldenhuys het namens die vroue- en mannekommando's hulde gebring aan hom vir sy leiding gedurende die krisisjare en die nuut aangestelde kommandant, Hugo Vlok, verseker van hul onverdeelde steun en onwrikbare vertroue. Ook H./Genl. Van Zyl en H./Komdte. Brink het dank betuig aan die aftredende kommandant en goeie wense vir die nuwe toegewens.

VLAGPARADE

Die aand het H./Genl. Van Zyl 'n openbare vergadering in die Kerksaal toegespreek, wat voorafgegaan is deur 'n volmaak afgerigte vlagparade deur die Boerejeug, onder leiding van maj. Brink. Genl. Van Zyl het die Boerejeug en maj. Brink die kompliment gemaak dat hy al net so'n parade gesien het, maar nog nie 'n beter afgerigte een nie. Genl. Van Zyl het sy waardering uitgespreek vir die manier waarop die Kommando's hom ontvang het buite die dorp.

GENL. VAN ZYL

**Gebiedsleier Dr. Van Zyl het toe die woord geneem en 'n baie duidelike en boeiende uiteensetting gegee van twee groot belangrike sake binne die O.B., n.l. sy Arbeidsfront en sy Parlementêre front. Hy het weereens bewys dat die O.B. op die regte pad is en gaan wen. Ons het nuwe besieling ontvang en gaan die toekoms in vasberade en vol vertroue.**

Na afloop van die vergadering is nog weer gesellig verkeer in die saal, veral terwille van werkers by die pad, wat gedurende die dag nie by ons kon wees nie.

Dieselfde nag het Genl. van Zyl weer vertrek, om betyds die trein te haal.

(Berig van komdte. Theron).

## GEEN AFWYKENDE MENINGS TOEGELAAT

Nasionaal-sosialisme beteken een enkele party. **En dit beteken dat as jy 'n afwykende mening het, dit verbied word"**, het dr. D. F. Malan op 25 Maart 1941 te Stellenbosch verklaar.

Sedertdien het dr. Malan baie tekere gegaan teen „afwykende groepe" en het hy almal wat nie met hom saamstem nie, uit sy party geboender en selfs 'n beroep gedoen op Afrikaanse besighede en die kerk om sulke „afgewekenes" ook uit te skop. **En indien hy aan bewind kom, sal hy nie die staatsdiens ook versoek om hierdie „afwykende" groepe uit te skop nie?** Volgens dr. Malan het net een party die reg van bestaan en dit is die Herenigde Nasionale Party. Wie strewe dan na 'n nasionaal-sosialistiese diktatuur?


## Vlae en Baniere vir O.B.-Sametrekkings

Die Organisasieleier het die grootte en prys van die volgende O.B.-VLAE en -BANIERE vasgestel:

### I. ORANJE-BANIERE:

12 vt. lank, 12 vt. breed. Drie stukke met O.B.-wapen in kleure en vlerkspan van 38 dm. op middelste strook. Prys in geheel £9-10-0.
Onontbeerlik vir aanskoulike sametrekkings op agtergrond van verhoog (buitelug en sale).

### II. ANDER BANIERE:

(Oranje, blou of groen vlagkleure). 10 vt. lank en 3 vt. breed. Elkeen met O.B.-wapen van 19 dm. vlerkspan in kleure. Prys £3-0-0 elk.
Nodig as behangsel op O.B.-sametrekkings in buitelug of sale.

### III. O.B.-VLAE:

| | | |
|---|---|---|
| (a) | Kommandovlag (3½ vt. x 5½ vt.) ... ... ... ... | £1-13-0 |
| (b) | Boerejeugvlag (3 vt. x 5 vt.) ... ... ... ... | £1-10-0 |
| (c) | Feesvlaggie (18 dm. x 30 dm.) ... ... ... ... ... | 5/6 |
| (d) | Feesvlaggie (12 dm. x 20 dm.) ... ... ... ... ... | 3/6 |

**Bestel van die amptelike voorsieners:**

**PUBLICITÉ Handelsreklamediens (Edms.) Beperk**

SPOORBONDKASGEBOU 507 — Bus 1892 — JOHANNESBURG

| | |
|---|---|
| O.B.-Wapen in kleure (14 dm. x 10 dm.) ... | 3/6 |
| O.B.-Sangbundel ... ... | 2/6 |
| O.B.-Skryfblok ... ... | 2/6 |

| | |
|---|---|
| K.G.-Knopie ... ... ... | 6d. |
| Jopie Fourie-Knopie ... | 6d. |
| Paul Kruger-Knopie ... | 6d. |
| K.G.-Strikkie ... ... ... | 6d. |

Bestel vroegtydig by PUBLICITÉ vir die komende O.B.-sametrekkings.



*„HULDIGING VAN ONS GROOT MANNE IN DIE REGTE GEES, IS VERERING VAN DIE ALMAGTIGE GOD"*

GEE

# PAUL KRUGER

CHRISTEN-VOLKSMAN EN STAATSMAN

Deur Dr. F. POSTMA — Posvry 4/6

AS KERSGESKENK AAN U VRIENDE

★

„Groot manne is ligbronne, wat nie alleen hulle tyd bestraal nie, maar ook die tye na hulle. In dié sin is Paul Kruger 'n groot lig wat God in Afrika laat brand het tot leiding van die Afrikanerdom . . . " — Die Skrywer.

*Ander Boeke oor verskillende onderwerpe:*

**Die Christelike Huisgesin**
deur ds. D. Erasmus . . . . . . . . . 1/3 posvry

Hierdie boek behandel o.a. die volgende: Die Geskiedenis van die Huisgesin; Ouerlike Gesag; Kinderlike Gehoorsaamheid; Sedelike Opvoeding ens.

**Instellings en Organisasies tot Eer van God**
deur ds. H. J. Strauss . . . . . . . 1/6 posvry

**Die Bybel is die Woord van God**
deur Prof. dr. J. D. du Toit . . . . . 1/9 posvry

**Die Moderne Staat**
deur Prof. dr. L. J. du Plessis . . . . 2/9 posvry

In hierdie boek word daar uitgegaan van die Calvinistiese Grondslag, wat afgelei is uit die Heilige Skrif . . . . wat ook ons volkslewe gevorm het en wat vir ons bekend staan as die Christelik-Nasionale beginsel.

**INLEIDING TOT DIE EKONOMIE**
deur Prof. dr. C. G. W. Schuman en dr. D. G. Franzsen . . . . . . . . . . . 20/6 posvry

PAS VERSKYN:

**Menslike Physiologie, Deel II**
deur Dr. H. E. Brink. . . . . . . Prys 21/- posvry

**Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde**
deur Dr. J. Chris Coetzee. Prys . . . . 15/6 posvry

BELANGRIKE AANKONDIGING —

Die Direksie van die Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk. het besluit om aan die begin van 1945 'n Boekhandel te Stellenbosch te open, waar u al u boeke en kunsware sal kan koop. U sal daar Afrikaanse sowel as Engelse Leesstof kry.

LET OP VERDERE AANKONDIGINGS.

## PRO ECCLESIA-DRUKKERY
(EDMS.) BPK.

POSBUS 28 STELLENBOSCH

*Hou Advertensies dop i.v.m. aankondiging oor die PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL!*

# Markagentskap

•

*BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG. BESTE HEERSENDE PRYSE!*

•

**MINNAAR EN VAN SCHOOR**

Eienaar: GUSTAV RETIEF

**VROEË MÔRE MARK**

KAAPSTAD

Telefoon 20212

•

*Ons het genoeë om hiermee al ons ondersteuners van harte te bedank vir hulle gewaardeerde ondersteuning in die afgelope jaar. Ons wens u almal 'n Geseënde Kersfees en Gelukkige Nuwejaar.*


# Treffende Ooreenkoms Tussen Finse Volksbeweging en Ossewabrandwag

Deur Genl. J. A. SMITH, Organisasieleier van die O.B.

Toe ons volk in sy worstelstryd in 1899-1902 gewikkel was, het o.a. ook etlike Skandinawiërs (Nore, Swede, Dene en Finne) kom help veg as 'n korps. By Magersfontein pryk 'n monument tot hul nagedagtenis. Die opskrif lui: „Hulle kon nie vlug nie" Dit beteken hul plig het geëis dat hulle moet veg, tot die laaste man. Dit was 'n sleutelposisie wat hulle besit het.

Daar is ander sigbare bande gesmee. Van die Europese nasies het ook van ons geleer. Wat die strydtegniek betref, het die kommandostelsel groot aandag getrek en is later deur die Finne ook as 'n organisasiestelsel vir hul volksbeweging tot vrywording aangeneem. Ons wil veral let op die ooreenkoms tussen hul BURGERWAG (Svjerd) en ons OSSEWABRANDWAG wat beide uit ons vaderlandse bodem gespruit het.

## SONDER DIE STEMBUS

Die Finne, daardie Christelike en Protestantse volkie, in getalsterkte net so groot as ons s'n, het vir meer as honderd-vyftig jaar onder vreemde juk gestaan. Hul vyand was die Russiese imperialisme; ons s'n die Britse imperialisme. Net soos ons, het hulle na vryheid gesmag en middels gesoek om vry te word. En sonder 'n stembus het hulle nog voor ons vry geword.

Net soos ons vandag sê, het hulle egter toe gesê en gehandel:

> „Die doel is om die volk so saam te snoer, so te dissiplineer en voor te berei dat die volk in staat is om van enige geleentheid, wat homself mag voordoen, of wat die volk self mag skep deur sulke voorbereiding, gebruik te maak en enige middel wat die omstandighede op daardie tydstip mag bepaal, aan te wend om sy vryheid te verkry".

## DIE SVJERD

In 1917 het die Finne nog steeds onder Russiese juk gestaan, met die politieke speurders onder hulle en die konsentrasiekampe in Siberië voor hulle, toe hulle hul volkie begin saamsnoer en dissiplineer het deur middel van s.g. sportklubs. In steeds groter getalle is hierdie byeenkomste, hoofsaaklik vir liggaamsopvoeding, bygewoon. Also saamgesnoer en gedissiplineer, het nasietrots by hulle kragtiger geword. In die kampe of laers is eie geskiedenis geleer en helde vereer. Langsamerhand, namate die volksbeweging wortel geskiet het, is groepe volgens ons Boerekommando-stelsel (ietwat gewysig) ingedeel met die plaaslike leiers of kommandante, wat later die Burgerwag (Svjerd) genoem is.

In die kouer noorde van Finland is die ski-kommando's (manne op skaatse) en laer af, die perde-kommando's gevorm.

Die organisasie self is baie van aard en wese soos dié van die Ossewabrandwag.

Die vroue-afdeling is genoem die Lottas na Lotta, die vrou wat naas haar man haar lewe op die slagveld teen die vyande ingeskiet het.

Die resultaat van die samesnoering van die Finse volk ,wat ook politiek onderling verdeeld was, in die Burgerwag, was verbasend. Die sportkultuurorganisasie het blitssnel „die politieke terrein" betree en verower. Hulle het stormgeloop met hul kommando's en die Russiese juk afgegooi. Sedert 1917 wapper die republiek se vlag. Die Republiek onder genl. Mannerheim, die K.G. van die Burgerwag, is gestig. Die Finse volk was vry!

## OOREENKOMS MET DIE O.B.

Die ooreenkoms van die Burgerwag met sy Lotta-organisasie, met die O.B. en sy vroue-vertakking, is baie groot, wat vanselfsprekend is,omdat die idee deur hulle uit Suid-Afrika oorgeplant is.

Net soos ons, het die Finse „kommando's" volksbyeenkomste gehou, hul helde vereer en hul volk saamgesnoer en tot dade in staat gestel.

Op hierdie Finse byeenkomste (ons kan dit laers noem) het beide afdelings, net soos ons nou doen, opgetree.

## DIE LOTTA'S

Die vroue-organisasie, die Lotta's, is egter meer doeltreffend as ons s'n, afgerig en opgelei. Die Finne het van die standpunt soos ons Voortrekkers en vroeëre stryders uitgegaan en altyd van die vrou se dadwerklike hulp gebruik gemaak. So is in die „laers" die vroue en dogters vir verskillende burgerlike en krygspligte volgens voorgeskrewe leerplanne opgelei. Sommige vir die veldambulans, ander vir tuis- en hospitaalverpleging, vir die kosvoorsiening (kommissariaat) van die kommando's, vir klerk-werk as die mans op kommando is, die bestuur van motorvoertuie, vir die kommunikasie (draadloos, veldtelegrafie, heliografie, ens.) en inligtingsdiens.

Veel van hierdie afrigting geskied in die veld natuurlik, ander binnenshuis, maar alles volgens voorgeskrewe kursusse met diploma's.

Vyf jaar lank het die Finne teen die

(Vervolg op bl. 13, kol. 1)


VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE!!!

# Schoemanello Drank

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer KONTANT MET BESTELLING GESTUUR WORD.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottelskaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word, moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.


BESTEL VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142 OUDTSHOORN

Aan al my Kliënte my hartlike dank vir hulle gewaardeerde ondersteuning in die afgelope jaar. Ek wens u een en almal 'n geseënde Kersfees en voorspoed en geluk in die Nuwejaar.

**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-
masjinerie.
Bus 10. HUGENOOT, K.P.



Groot optog van Boerejeug met die besoek van die K.G aan Potchefstroom.

## STERK STEUN VIR O.B. LANGS OOSKUS

Buitengewone belangstelling wat veel wyer strek as lidmaatskap aan die Ossewabrandwag, is die gevolgtrekking waartoe genl. J. de Vos, stafhoof van die Organisasie-hoofkwartier, gekom het nadat hy 'n veertierdaagse toer aan die kusgebied van Port Elizabth en Oos-Londen afgelê het.

Genl. De Vos het sy reis by Langkloof begin en verskillende plekke aangedoen, o.a. Humansdorp, Port Elizabeth, Kirkwood, Sandflats, Alexandria, King Williamstown, Oos-Londen en Stutterheim, tot aan die grens van die Transkei aan die mond van die Keirivier.

Die omgewing van Oos-Londen is nog nooit tevore deur 'n amptenaar van O.B.-hoofkwartier besoek nie, en genl. De Vos was aangenaam verras om te sien hoe sterk die ondersteuning vir die Volksbeweging in hierdie dele is, veral by mense wat nie openlik daaraan mag behoort nie. Hy is getref deur die feit dat soveel mense op alle plekke wat weens privaat belange nie aan die Ossewabrandwag mag behoort nie, sterk ondersteuners in die geheim is.

Op Port Elizabeth het hy samesprekings met die Arbeidswagter van die O.B.-Arbeidslaer gehad, wat reeds van rype vooruitgang kon rapporteer. Hy het ses bedryfsorganiseerders in die veld en in elke bedryf omvat die laer tientalle lede wat nie lede van die kommando's is nie.


Op Kirkwood is 'n baie mooi vergadering gehou op 'n weeksaand en so ook op Alexandria. Op laasgenoemde plek is die vergadering gehou op 'n mooi feesterrein aan die dorp wat van veldk. Bakkes verkry is. Die O.B.-wag ,onder leiding van maj. Nachenius, en die Boerejeug ,onder jeugkomdt. Heunis, het veral 'n baie mooi indruk gemaak. Hierdie hele omgewing spreek van die groot besieling wat uitgaan van genl. Bellingan.

Op 'n plaas tussen Komgha en Stutterheim het genl. De Vos 'n mooi klompie mense toegespreek. So groot is die geesdrif daar dat een persoon met 'n donkiekar veertig myl ver daarheen gery het.

(Vervolg van bl. 12, kol. 4)

grootste kolos, Kommunistiese Rusland, volgehou. Vyf jaar lank het die Burgerwag-kommando's die Russe in die noorde buite die grense gehou. Eindelik toe Duitsland begin wyk voor die miljoene, moes die dappere Finse volkie swig. Maar hulle sal weer verrys, verrys tot groter glorie, hierdie Christelik en Protestantse volkie. Hulle Burgerwag sal nie sterf nie. Heil die Svierd — die Finse Burgerwag! Heil die O.B.!

WAG 'N BIETJIE . . .
ONS KAN DIT
REGMAAK!



ONS HERSTEL . . .
Elektriese Ketels, Panne, Strykysters, Lampe, ens.

Ons werk is vir 90 dae gewaarborg.

EXCELSIOR RADIO
Harrisonstraat 67
Foon 33-8602 — Bus 9315
JOHANNESBURG

*DIE NUUTSTE SKOENE TEEN DIE LAAGSTE PRYSE KAN U TUIS UITSOEK EN AANPAS! AL WAT U MOET DOEN IS:— SKRYF ONS WAT U VERLANG!*


*VROUENS-HOFSKOENE*
*In wit; swart; donkerblou; bruin; Kubaanse hak, sagte leer*
*25/- Per Paar!*

*Van harte wens ons al ons Vriende*
*'N GESEËNDE KERSFEES*
*en*
*'N VREUGDEVOLLE NUWEJAAR!*

*MANSKOENE*
*Vir Jukskei: 21/6 Per Paar*
*Vir Uitgaan: 26/-, 38/6 Per Paar*
*Sandale: 21/6 Per Paar*

**DE BRUYN SE POSBESTELLINGS (EDM.) BPK.**
*Besturende Direkteur: Henk de Bruyn, M.A.*
*Sanlam-Gebou 139 — Andriesstraat — PRETORIA*

**W.G.A. tot u Diens.**
Vir kunstige en sierlike uitstalling in die mees moderne vertoonlokale.
Vir onoortrefbare deskundige dienste en ongeewenaarde resultate stuur u skeersel aan:
**W.G.A.**
**P.E. of O.L.**



*Hoofkantoor:* DIE WOL-GROEIERS-AFSLAERS BEPERK
Posbus 765, Tel. 96501, Pt. Sylyn 956, PORT ELIZABETH.

# Die Jeugleier se Boodskap aan die Boerejeug

**Die jaar 1944 spoed ten einde. Dit was 'n jaar waarin die Boerejeug sy voete probeer vind het. En met 'n aansienlike mate van sukses!**

Ten spyte van baie moeilikhede het ons beweging wortel geskiet in vaste aarde en gaan ons langsaam maar seker vooruit. Want Boereseuns en -Dogters laat hulle nie ontmoedig nie. Hulle besef dat ons hele volk in 'n tyd van worsteling en stryd verkeer. Daardie tyd maak hulle saam deur. Hulle meegevoel met die slagoffers van die stryd het hulle getoon en toon hulle nog deur hulle vrywillige bydraes tot die Boerejeug-Noodhulpfonds. Hulle deelname aan die volksaak blyk klinkklaar uit die geldelike ofers wat hulle i.v.m. die verrigtinge van 8 Aug. gebring het.

**Die Boerejeug het onder die druk van tyd en omstandigheid 'n ernstige babetjie geword, ons sou byna kan sê hy is oud voor sy tyd. Maar dit kon skaars anders. Babas wat in oorlogstyd gebore word toon maar daardie neiging.**

Baie van hulle word „wees" groot. Ook dit was tot dusver hier en daar die lot van die Boerejeug. Dit was nie altyd moontlik om die nodige offisiere te vind nie. Daarvoor bestaan daar baie redes.

In die eerste plek wil ons graag goeie Offisiere vir die Boerejeug hê, mense van oortuiging en ondernemingsgees, manne en vroue wat innig belangstel in die jeug en hulle die regte leiding kan gee. So baie wat **wil en kan MAG** vandag nie. Dan ook is die vervoerkwessie 'n groot moeilikheid. En om as Boerejeug vry en onbelemmerd ons gang te gaan, wil ons tog graag 'n bietjie wegkom na 'n geskikte terrein, na die berg of die veld, na rivier of bos. **Maar kyk, waar die man of vrou wat leiding moes gee, ontbreek het, het die groot seun of dogter ingespring en koers aangewys; want die Boerejeug wil nou eenmaal nie stilsit nie, hulle wil saam met hulle volk beweeg en hulle HET beweeg.**


**ROEPINGSBESEF**

Ons het die Boerejeug 'n ernstige baba genoem en hy sal waarskynlik altyd 'n ernstige streep hê. Want die O.B.-jeug besef dat hulle hul jong lewe nie net aan plesier of eie voordeel mag bestee nie. Hulle het 'n **pligs- en 'n roepingsbesef** en dit stem tot nadenke. **Maar ons gaan in die Boerejeug nie jong grootmense of klein ounmense wees nie, ons wil en gaan ook terdeë ons jeug geniet.** Saam soek ons gesonde plesier en opleiding, liefs in die vrye natuur, verweg van bedompige bioskoopsale met hulle verpeste atmosfeer en verpestende invloed. Vir opleiding binnenshuis sorg ons deur middel van musiek en sang, volkspele en konserte.

**Die Boerejeug wil AKTIEF wees, aktief in sy spel, aktief in sy werk. Soveel moontlik almal aan die gang, almal in beweging. Aan elkeen van ons het die Here kragte en talente verleen. Dié wil ons ontwikkel en aanwend tot Sy eer ,in diens van land en volk.**

Hierby het ons voorligting nodig. Van tyd tot tyd sal die voorligting verskaf word totdat ons ons eie handleiding of handleidings het wat die vernaamste punte van die Boerejeugwerksamhede sal vaslê. In die jaar wat kom behoort ons taamlik ver in dié rigting te vorder, dit is ten minste die plan. Intussen moet Ofisiere, seuns en dogters, hulle organisasie deeglik in orde bring en soveel omstandighede dit toelaat ,getrou hulle byeenkomste hou. Geen verslapping mag gedoog word nie.

**Aan elke Offisier en lid van die Boerejeug allerbeste wense vir 'n geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwejaar.**



Genl. Dirk van Rooy.

## ONS VOLGENDE UITGAWE

Met hierdie uitgawe sluit DIE O.B. die jaar 1944 af. Wat verby is, is verby. Die toekoms lê voor. Vanaf 3 Januarie 1945, sal die blad weer soos gewoonlik gereeld verskyn.

# Koster Roep Worcester

Uit die kwartier van die O.B.-kommando op Koster, Transvaal, kom die volgende oproep:

Die O.B. van kommandantskap F.6. a.1 roep langs hierdie weg die hulp in van hul mede-O.B.-kamerade, spesiaal die O.B. van Worcester en omgewing, vir die plasing van 'n ouerpaar wat twee blinde kindertjies na die Blinde-Instituut wil stuur vir hul opvoeding en wat graag in die nabyheid van hul kindertjies wil bly.

Is daar nie iemand nie wat aan hierdie ouers 'n kamer kan verskaf en is daar nie 'n moontlike verdienste vir die pa en ma in u omgewing nie? Enige werk sal aanvaar word.

Hier is waarlik kans vir die openbaring van die gees: „Een vir almal en almal vir elkeen".

Skryf a.u.b. so gou moontlik aan die O.B.-Komdt. F.6.a.1, Posbus 84. Koster, Transvaal.

Die Kommandante van Klerksdorp berig dat die Asst.-Veldkornetskap, onder leiding van mevr. F. B. Ernst van Rooikull ,op 25 November 'n funksie ten bate van die Noodhulpfonds georganiseer het. Weens reën en hael kon net tien persone aanwesig wees — maar desnieteenstaande is die mooi sommetjie van £5 ingesamel.

## 'N FLUKSE BOEREDOGTER

Uit Leeuwdornsstad berig die kommandante dat die flukse boeredogter aldaar weer vanjaar met Fondsdag die mooi bedrag van £2-13-4 oorhandig het, om gestort te word in die Noodhulpfonds.

Baie mooi Gesma du Plessis; ons hoop daar sal baie ander wees wat jou voorbeeld sal volg.


**A A N D E L E !**

As jy sê:
**„AANDELE",**
**dan hardloop almal,**

maar as jy sê:
**„ASOKOR-AANDELE",**
**dan luister almal.**

Vind maar uit waarom dit so is, DIT SAL U BETAAL.


Skryf aan:
**ASOKOR BEPERK,**
**Posbus 402 — Bloemfontein.**



# *GESONDHEID!!!*

## *LAAT DIE GLASIES KLINK*

***DIE EXCELSIOR WYNMAKERY KLINK GLASIES SAAM MET AL SY ONDERSTEUNERS OP 'N GESEËNDE KERSFEES EN 'N VOORSPOEDIGE NUWEJAAR.***




Excelsior Wyne verower drie Silwerbekers en verskeie Eerste Pryse op die W.P. Wyntentoonstelling.

**PRYSLYS VAN EXCELSIOR WYNE:**

| | Per Bottel | Per Gelling | | Per Bottel | Per Gelling |
|---|---|---|---|---|---|
| SPESIAAL .. .. .. .. .. .. | 2/3 | 10/- | PORT .. .. .. .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| ROOI JERIPIKO .. .. .. .. | 1/9 | 8/- | PONTAK .. .. .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| WIT JERIPIKO .. .. .. .. | 1/9 | 8/- | WORCESTER HOCK .. .. | 1/6 | 7/- |
| MALMSEY .. .. .. .. .. .. | 1/9 | 8/- | SPESIALE SJERRIE .. .. | 1/6 | 7/- |
| SOET MUSKADEL — rooi | 1/8 | 7/6 | SJERRIE .. .. .. .. .. .. | 1/5 | 6/6 |
| SOET MUSKADEL — wit | 1/8 | 7/6 | MOSKONFYT .. .. .. .. .. | 1/6 | 6/6 |
| SOET PORT .. .. .. .. .. | 1/8 | 7/6 | | | |

**Voeg by 5/- vir Kissie en Bottels en 20/- vir Vaatjie, wat vergoed sal word by terugsending spoorvrag betaald. ● L.W. — Wyn word alleen in Kissie van 12 groot bottels of Vaatjies van 5 gell. en meer verkoop. Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne of K.B.A. plus treinkommissie v.o.s. Vlakteplaats-stasie. LET WEL. — Moskonfyt word alleen voorsien in kissies van 12 bottels of in 4-gell. karba's, waarop die deposito 5/- en 10/- respektiewelik is.**

# *EXCELSIOR WYNMAKERY*

**(Voorheen John Schoeman)**

**Telegramme: Wynmakery** **VLAKTEPLAAS-STASIE** **Telefoon 902**

